1. Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergaderings moet, deur van die beste beskikbare wetenskaplike en tegniese advies gebruik te maak—

(a) ooreenkomstig die bepalings van hierdie Protokol die algemene beleid omskryf vir die omvattende beskerming van die Antarktiese omgewing en afhanklike en verwante ekosisteme; en

(b) maatreëls vir die implementering van hierdie Protokol kragtens Artikel IX van die Antarktiese Verdrag aanvaar.

2. Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergaderings moet die werk van die Komitee nagaan en moet, vir die uitvoering van die take bedoel in paragraaf 1 hierbo, ten volle van sy advies en aanbevelings asook van die advies van die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing gebruik maak.

**ARTIKEL 11****KOMITEE VIR OMGEWINGSBESKERMING**

1. Die Komitee vir Omgewingsbeskerming word hierby ingestel.
2. Elke Party is daarop geregtig om 'n lid van die Komitee te wees en om 'n verteenwoordiger aan te wys wat deur deskundiges en adviseurs vergesel kan word.
3. Waarnemerstatus in die Komitee is oop vir enige Kontrakterende Party by die Antarktiese Verdrag wat nie 'n Party by hierdie Protokol is nie.
4. Die Komitee moet die President van die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing en die Voorsitter van die Wetenskaplike Komitee vir die Beskerming van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne uitnoui om as waarnemers aan sy sessies deel te neem. Die Komitee kan ook, met die goedkeuring van die Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering, ander tersaaklike wetenskaplike omgewings- en tegniese organisasies wat tot sy werk kan bydra, uitnoui om as waarnemers aan sy sessies deel te neem.
5. Die Komitee moet aan die Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering 'n verslag oor elkeen van sy sessies indien. Die verslag moet alle aangeleenthede dek wat by die sessie oorweeg is en moet die menings wat uitgespreek is, weergee. Die verslag moet aan die Partye en aan waarnemers wat die sessie bywoon, gesirkuleer word en daarna aan die publiek beskikbaar gestel word.
6. Die Komitee aanvaar sy reglement van orde, wat aan die goedkeuring van die Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering onderworpe is.

**ARTIKEL 12****WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMITEE**

1. Die werksaamhede van die Komitee is die verskaffing van advies en die formulering van aanbevelings aan die Partye in verband met die implementering van hierdie Protokol, met inbegrip van die toepassing van sy Aanhangsels, vir oorweging by Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergaderings, en die uitvoering van sodanige ander werksaamhede as wat deur die Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergaderings na hom verwys word. In die besonder moet hy advies verskaf oor—
  - (a) die doeltreffendheid van maatreëls wat ingevolge hierdie Protokol getref is;
  - (b) die behoefte daaraan om sodanige maatreëls by te werk, te versterk of andersins te verbeter;
  - (c) die behoefte aan bykomende maatreëls, met inbegrip van die behoefte aan bykomende Aanhangsels, waar gepas;
  - (d) die toepassing en implementering van die omgewingsimpak-evalueringsprosedures uiteengesit in Artikel 8 en Aanhangsel I;
  - (e) maniere om omgewingsimpakte van bedrywighede in die Antarktiese Verdraggebied te minimaliseer of te verlig;
  - (f) prosedures vir situasies wat dringende optrede vereis, met inbegrip van reaksie-optrede in omgewingsnoodtoestande;
  - (g) die toepassing en verdere uitbouing van die Antarktiese Beskermende Gebiedstelsel;
  - (h) inspeksieprosedures, met inbegrip van formate vir inspeksieverslae en kontrolelyste vir die doen van inspeksies;
  - (i) die inwin, argivering, uitruiling en evaluering van inligting betreffende omgewingsbeskerming;
  - (j) die stand van die Antarktiese omgewing; en

- (k) die behoefte aan wetenskaplike navorsing, met inbegrip van omgewingsmonitering, wat verband hou met die implementering van hierdie Protokol.

2. In die uitvoering van sy werksaamhede moet die Komitee, waar van toepassing, oorleg pleeg met die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing, die Wetenskaplike Komitee vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne en ander tersaaklike wetenskaplike, omgewings- en tegniese organisasies.

## **ARTIKEL 13**

### **NAKOMING VAN HIERDIE PROTOKOL**

1. Elke Party moet gepaste maatreëls binne sy bevoegdheid tref, met inbegrip van die aanvaarding van wette en regulasies, administratiewe optrede en toepassingsmaatreëls, om nakoming van hierdie Protokol te verseker.

2. Elke Party moet gepaste pogings aanwend, ooreenkomstig die Handves van die Verenigde Nasies, met die oog daarop dat niemand enige bedrywigheid wat met hierdie Protokol in stryd is, mag uitvoer nie.

3. Elke Party moet alle ander Partye in kennis stel van die maatreëls wat hy ooreenkomstig paragrawe 1 en 2 hierbo tref.

4. Elke Party moet die aandag van alle Partye vestig op enige bedrywigheid wat na sy mening die implementering van die doelwitte en beginsels van hierdie Protokol raak.

5. Die Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering moet die aandag van enige Staat wat nie 'n Party by hierdie Protokol is nie, vestig op enige bedrywigheid onderneem deur daardie Staat, sy agentskappe, organe, natuurlike of regspersone, skepe, lugvaartuie of ander vervoermiddels wat die implementering van die doelwitte en beginsels van hierdie Protokol raak.

## **ARTIKEL 14**

### **INSPEKSIE**

1. Ten einde die beskerming van die Antarktiese omgewing en afhanklike en verwante ekosisteme te bevorder en die nakoming van hierdie Protokol te verseker, moet die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag individueel of gesamentlik reël vir inspeksies deur waarnemers wat ooreenkomstig Artikel VII van die Antarktiese Verdrag gedoen moet word.

2. Waarnemers is—

- (a) waarnemers benoem deur enige Oorlegplegende Party by die Antarktiese Verdrag wat burgers van daardie Party is; en
- (b) enige waarnemers by Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergaderings aangewys om inspeksies te doen ingevolge prosedures wat deur 'n Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering ingestel moet word.

3. Partye moet hulle volle samewerking gee aan waarnemers wat inspeksies doen, en moet verseker dat waarnemers tydens inspeksies toegang verleen word tot alle dele van stasies, installasies, toerusting, skepe en lugvaartuie wat kragtens Artikel VII (3) van die Antarktiese Verdrag geïnspekteer kan word, asook tot alle rekords wat daarvoor gehou word, wat ooreenkomstig hierdie Protokol vereis word.

4. Verslae van inspeksies moet gestuur word aan die Partye wie se stasies, installasies, toerusting, skepe of lugvaartuie deur die verslae gedek word. Nadat daardie Partye geleentheid gehad het om kommentaar te lewer, moet die verslae en enige kommentaar daarop aan alle Partye en aan die Komitee gestuur word, by die volgende Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering oorweeg word en daarna aan die publiek beskikbaar gestel word.

**ARTIKEL 15****NOODREAKSIE-OPTREDE**

**1.** Ten einde op omgewingsnoodgevalle in die Antarktiese Verdraggebied te reageer, onderneem elke Party om—

- (a) voorsiening te maak vir spoedige en doeltreffende reaksie-optrede in enige noodgevalle wat voortvloeit uit die uitvoering van wetenskaplike navorsingsprogramme, toerisme en alle ander regerings- en nie-regeringsbedrywighede in die Antarktiese Verdraggebied waarvoor voorafkennisgewing ingevolge Artikel VII (5) van die Antarktiese Verdrag vereis word, met inbegrip van geassosieerde logistiese steunbedrywighede; en
- (b) gebeurlikheidsplanne op te stel vir reaksie op insidente met potensiële nadelige gevolge vir die Antarktiese omgewing en afhanklike en verwante ekosisteme.

**2.** Vir dié doel moet die Partye—

- (a) saamwerk by die formulering en implementering van sodanige gebeurlikheidsplanne; en
- (b) prosedures instel vir onmiddellike kennisgewing van, en samewerkende reaksie op omgewingsnoodgevalle.

**3.** By die implementering van hierdie Artikel moet die Partye van advies van die toepaslike internasionale organisasies gebruik maak.

**ARTIKEL 16****AANSPREEKLIKHEID**

Ooreenkomstig die doelwitte van hierdie Protokol vir die omvattende beskerming van die Antarktiese omgewing en afhanklike en verwante ekosisteme onderneem die Partye om reëls en prosedures op te stel in verband met aanspreeklikheid vir skade voortvloeiend uit bedrywighede wat in die Antarktiese Verdraggebied plaasvind en deur hierdie Protokol gedek word. Daardie reëls en prosedures moet ingesluit word in een of meer Aanhangsels wat ooreenkomstig Artikel 9 (2) aanvaar moet word.

**ARTIKEL 17****JAARVERSLAG DEUR PARTYE**

**1.** Elke Party moet jaarliks verslag lewer oor die stappe wat gedoen is om hierdie Protokol te implementeer. Sodanige verslae moet kennisgewings insluit wat gedoen is ooreenkomstig Artikel 13 (3), gebeurlikheidsplanne ingestel ooreenkomstig Artikel 15, en enige ander kennisgewings en inligting ingevolge hierdie Protokol vereis, waarvoor daar geen ander bepaling betreffende die stuur en uitruil van inligting is nie.

**2.** Verslae wat ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo opgestel is, moet aan alle Partye en aan die Komitee gestuur word, by die volgende Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering oorweeg word en aan die publiek beskikbaar gestel word.

**ARTIKEL 18****GESKILBESLEGTING**

Indien 'n geskil oor die vertolking of toepassing van hierdie Protokol ontstaan, moet die Partye by die geskil, op versoek van enigeen van hulle, so gou doenlik onder mekaar oorleg pleeg met die oog op die beslegting van die geskil deur onderhandeling, ondersoek, bemiddeling, versoening, arbitrasie, geregtelike beslegting of ander vreedsame middele waartoe die Partye by die geskil ooreenkom.

## ARTIKEL 19

### KEUSE VAN GESKILBESLEGTINGSPROSEDURE

1. Elke Party, wanneer hy hierdie Protokol onderteken, bekragtig, aanvaar, goedkeur of daartoe toetree, of te eniger tyd daarna, kan, deur skriftelike verklaring, een of albei van die volgende middele kies vir die beslegting van geskille betreffende die vertolking of toepassing van Artikels 7, 8 en 15 en, behalwe in soverre 'n Aanhangsel anders bepaal, die bepalings van enige Aanhangsel en, vir sover dit met hierdie Artikels en bepalings verband hou, Artikel 13—

(a) die Internasionale Geregshof;

(b) die Arbitrasietribunaal.

2. 'n Verklaring gedoen kragtens paragraaf 1 hierbo, mag nie die werking van Artikel 18 en Artikel 20 (2) beïnvloed nie.

3. 'n Party wat nie 'n verklaring kragtens paragraaf 1 hierbo gedoen het nie of ten opsigte waarvan 'n verklaring nie meer van krag is nie, moet geag word die bevoegdheid van die Arbitrasietribunaal te aanvaar het.

4. Indien die partye by 'n geskil dieselfde middele vir die beslegting van 'n geskil aanvaar het, kan die geskil slegs aan daardie prosedure onderwerp word, tensy die partye anders ooreenkom.

5. Indien die partye by 'n geskil nie dieselfde middele vir die beslegting van 'n geskil aanvaar het nie, of indien albei van hulle albei middele aanvaar het, kan die geskil slegs aan die Arbitrasietribunaal voorgelê word, tensy die partye anders ooreenkom.

6. 'n Verklaring kragtens paragraaf 1 hierbo gemaak, bly van krag totdat dit ooreenkomstig die voorwaardes daarvan verval of tot drie maande nadat skriftelike kennisgewing van herroeping by die Depositaris ingedien is.

7. 'n Nuwe verklaring, 'n kennisgewing van herroeping of die verstryking van 'n verklaring mag op geen wyse verrigtinge wat voor die Internasionale Geregshof of die Arbitrasietribunaal hangende is, beïnvloed nie, tensy die partye by die geskil anders ooreenkom.

8. Verklarings en kennisgewings bedoel in hierdie Artikel moet by die Depositaris ingedien word, wat afskrifte daarvan aan alle Partye moet deurstuur.

## ARTIKEL 20

### GESKILBESLEGTINGSPROSEDURE

1. Indien die Partye by 'n geskil oor die vertolking of toepassing van Artikels 7, 8 of 15 of, behalwe in soverre 'n Aanhangsel anders bepaal, die bepalings van enige Aanhangsel of, vir sover dit met hierdie Artikels en bepalings verband hou, Artikel 13, nie binne 12 maande na die versoek vir oorlegpleging ooreenkomstig Artikel 18 oor die middele vir die beslegting daarvan ooreenkom nie, moet die geskil, op versoek van enige Party by die geskil, vir beslegting verwys word in ooreenstemming met die prosedure bepaal by Artikel 19 (4) en (5).

2. Die Arbitrasietribunaal is nie bevoeg om oor enige saak binne die bestek van Artikel IV van die Antarktiese Verdrag te besluit nie. Daarbenewens mag niks in hierdie Protokol vertolk word as sou dit bevoegdheid of jurisdiksie aan die Internasionale Geregshof of enige ander tribunaal ingestel vir die doel van beslegting van geskille tussen Partye, verleen om oor enige aangeleentheid binne die bestek van Artikel IV van die Antarktiese Verdrag te besluit nie.

**ARTIKEL 21****ONDERTEKENING**

Hierdie Protokol lê op die 4de Oktober 1991 in Madrid en daarna in Washington tot die 3de Oktober 1992 oop vir ondertekeninge deur enige Staat wat 'n Kontrakterende Party by die Antarktiese Verdrag is.

**ARTIKEL 22****BEKRAGTIGING, AANVAARDING, GOEDKEURING OF TOETREDING**

1. Hierdie Protokol is onderworpe aan bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring deur Ondertekenaarstate.

2. Na die 3de Oktober 1992 is hierdie Protokol oop vir toetrede deur enige Staat wat 'n Kontrakterende Party by die Antarktiese Verdrag is.

3. Oorkondes van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding moet ingedien word by die Regering van die Verenigde State van Amerika, wat hierby as die Depositaris aangewys word.

4. Na die datum waarop hierdie Protokol in werking getree het, mag die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag nie handel volgens 'n kennisgewing in verband met die geregtigheid van 'n Kontrakterende Party by die Antarktiese Verdrag om verteenwoordigers aan te stel om kragtens Artikel IX (2) van die Antarktiese Verdrag aan Oorlegplegende Antarktiese Verdragvergadering deel te neem nie, tensy die Kontrakterende Party eers hierdie Protokol bekragtig, aanvaar, goedgekeur of daartoe toegetree het.

**ARTIKEL 23****INWERKINGTREDING**

1. Hierdie Protokol tree in werking op die dertigste dag na die datum van indiening van oorkondes van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding deur alle State wat op die datum waarop hierdie Protokol aanvaar word, Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag is.

2. Vir elke Kontrakterende Party by die Antarktiese Verdrag wat, na die datum van inwerking-treding van hierdie Protokol, oorkondes van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding indien, tree hierdie Protokol op die dertigste dag na sodanige indiening in werking.

**ARTIKEL 24****VOORBEHOUDE**

Voorbehoude tot hierdie Protokol word nie toegelaat nie.

**ARTIKEL 25****VERANDERING OF WYSIGING**

1. Sonder benadeling van die bepalinge van Artikel 9 kan hierdie Protokol te eniger tyd verander of gewysig word ooreenkomstig die prosedures in Artikel XII (1) (a) en (b) van die Antarktiese Verdrag uiteengesit.

2. Indien, na verloop van 50 jaar na die datum van inwerkingtreding van hierdie Protokol, enige van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag deur middel van 'n mededeling gerig aan die Depositaris dit versoek, moet 'n konferensie so gou doenlik gehou word ten einde die werking van hierdie Protokol te hersien.

3. 'n Verandering of wysiging voorgestel by enige Hersieningskonferensie belê ingevolge paragraaf 2 hierbo, moet deur 'n meerderheid van die Partye aanvaar word, met inbegrip van 3/4 van die State wat ten tyde van die aanvaarding van hierdie Protokol Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag is.

4. 'n Verandering of wysiging wat ingevolge paragraaf 3 hierbo aanvaar is, tree in werking by bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding deur 3/4 van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag, met inbegrip van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding deur alle State wat ten tyde van aanvaarding van hierdie Protokol Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag is.

5. (a) Ten opsigte van Artikel 7 moet die verbod op Antarktiese mineraalhulpbronbedrywighede wat daarin vervat is, voortduur tensy daar 'n bindende regstelsel oor Antarktiese mineraalhulpbronbedrywighede in werking is wat 'n ooreengekome manier insluit om te bepaal of en, indien wel, onder welke voorwaardes, enige sodanige bedrywighede aanvaarbaar sou wees. Hierdie stelsel moet die belange van alle State bedoel in Artikel IV van die Antarktiese Verdrag ten volle beveilig en die beginsels daarvan toepas. Indien 'n verandering of wysiging van Artikel 7 by 'n Hersieningskonferensie bedoel in paragraaf 2 hierbo voorgestel word, sluit dit dus so 'n bindende regstelsel in.

(b) Indien enige sodanige verandering of wysiging nie binne drie jaar na die datum van die aanvaarding daarvan in werking getree het nie, kan enige Party te eniger tyd daarna die Depositaris van sy onttrekking aan hierdie Protokol in kennis stel, en sodanige onttrekking tree twee jaar na ontvangs van die kennisgewing deur die Depositaris in werking.

## ARTIKEL 26

### KENNISGEWINGS DEUR DIE DEPOSITARIS

Die Depositaris moet alle Kontrakterende Partye by die Antarktiese Verdrag van die volgende in kennis stel:

- (a) ondertekeninge van hierdie Protokol en die indiening van oorkondes van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetreding;
- (b) die datum van inwerkingtreding van hierdie Protokol en enige bykomende Aanhangsel daarby;
- (c) die datum van inwerkingtreding van enige wysiging of verandering aan hierdie Protokol;
- (d) die indiening van verklarings en kennisgewings ooreenkomstig Artikel 19; en
- (e) enige kennisgewing ontvang ooreenkomstig Artikel 25 (5) (b).

## ARTIKEL 27

### OUTENTIEKE TEKSTE EN REGISTRASIE BY DIE VERENIGDE NASIES

1. Hierdie Protokol, wat in die Engelse, Franse, Russiese en Spaanse tale opgestel is en waarvan elke weergawe ewe outentiek is, moet ingedien word by die argief van die Regering van die Verenigde State van Amerika, wat behoorlik gewaarmerkte afskrifte daarvan aan alle Kontrakterende Partye by die Antarktiese Verdrag moet deurstuur.

2. Hierdie Protokol moet ooreenkomstig Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Nasies by die Depositaris geregistreer word.

## SKEDULE BY DIE PROTOKOL

### ARBITRASIE

#### ARTIKEL 1

1. Die Arbitrasiëtribunaal word gekonstitueer en funksioneer ooreenkomstig die Protokol, met inbegrip van hierdie Skedule.

2. Die Sekretaris wat in hierdie Skedule bedoel word, is die Sekretaris-generaal van die Permanente Arbitrasiehof.

## ARTIKEL 2

1. Elke Party is daarop geregtig om tot drie Arbiters te benoem, van wie minstens een binne drie maande na die inwerkingtreding van die Protokol vir daardie Party benoem moet word. Elke Arbitr moet ervare in Antarktiese sake wees en 'n deeglike kennis van die Volkereg hê en moet die hoogste aansien ten opsigte van regverdigheid, bevoegdheid en integriteit geniet. Die name van die persone aldus benoem, maak die lys van Arbiters uit. Elke Party moet te alle tye die naam van minstens een Arbitr op die lys behou.
2. Behoudens paragraaf 3 hieronder moet 'n Arbitr wat deur 'n Party benoem is, vir 'n tydperk van vyf jaar op die lys bly en vir bykomende vyfjaarperiodes vir herbenoeming deur daardie Party verkiesbaar wees.
3. 'n Party wat 'n Arbitr benoem het, kan die naam van daardie Arbitr aan die lys onttrek. Indien 'n Arbitr te sterwe kom of indien 'n Party om enige rede die naam van 'n Arbitr wat deur hom benoem is aan die lys onttrek, moet die Party wat die betrokke Arbitr benoem het, die Sekretaris onverwyld laat weet. 'n Arbitr wie se naam aan die lys onttrek is, gaan voort om in enige Arbitrasiëtribunaal waarin daardie Arbitr aangestel is, te dien tot met die voltooiing van die verrigtinge voor die Arbitrasiëtribunaal.
4. Die Sekretaris moet toesien dat 'n bygewerkte lys van die Arbiters wat ooreenkomstig hierdie Artikel benoem is, in stand gehou word.

## ARTIKEL 3

1. Die Arbitrasiëtribunaal word saamgestel uit drie Arbiters wat soos volg aangestel word:

- (a) Die Party by die geskil wat die verrigtinge bedien, stel een Arbitr, wat 'n burger van daardie party kan wees, aan uit die lys bedoel in Artikel 2. Hierdie aanstelling word by die kennisgewing bedoel in Artikel 4 ingesluit.
- (b) Binne 40 dae na ontvangs van daardie kennisgewing stel die ander Party by die geskil die tweede Arbitr, wat 'n burger van daardie party kan wees, aan uit die lys bedoel in Artikel 2.
- (c) Binne 60 dae na die aanstelling van die tweede Arbitr stel die Partye by die geskil die derde Arbitr volgens ooreenkoms aan uit die lys bedoel in Artikel 2. Die derde Arbitr mag nóg 'n burger van 'n Party by die geskil, nóg 'n persoon benoem deur 'n Party by die geskil vir die lys wat in Artikel 2 bedoel word, nóg van dieselfde nasionaliteit as enige van die eerste twee Arbiters wees. Die derde Arbitr is die Voorster van die Arbitrasiëtribunaal.
- (d) Indien die tweede Arbitr nie binne die voorgeskrewe tydperk aangestel word nie, of indien die Partye by die geskil nie binne die voorgeskrewe tydperk oor die aanstelling van die derde Arbitr ooreengekom het nie, word die Arbitr of Arbiters op versoek van enige Party by die geskil en binne 30 dae na ontvangs van sodanige versoek, deur die President van die Internasionale Gereghshof aangestel uit die lys bedoel in Artikel 2 en behoudens die voorwaardes voorgeskryf in subparagrafe (b) en (c) hierbo. By die uitvoering van die werksaamhede wat in hierdie subparagraaf aan hom of haar opgedra word, moet die President van die Hof met die Partye by die geskil oorleg pleeg.
- (e) Indien die President van die Internasionale Gereghshof nie in staat is om die werksaamhede wat in subparagraaf (d) hierbo aan hom of haar opgedra is, uit te voer nie, of indien hy of sy 'n burger van 'n Party by die geskil is, moet die werksaamhede deur die Visepresident van die Hof uitgevoer word, behalwe dat indien die Visepresident nie in staat is om die werksaamhede uit te voer nie of hy of sy 'n burger van 'n Party by die geskil is, die werksaamhede uitgevoer moet word deur die volgende mees senior lid van die Hof wat beskikbaar is en nie 'n burger van 'n Party by die geskil is nie.

2. Enige vakature word gevul op die wyse voorgeskryf vir die aanvanklike aanstelling.

3. By enige geskil waarby meer as twee Partye betrokke is, moet die Partye wat dieselfde belange het, binne die tydperk vermeld in paragraaf 1 (b) hierbo een Arbitrator volgens ooreenkoms aanstel.

#### ARTIKEL 4

Die Party by die geskil wat verrigtinge begin, moet die ander party of partye by die geskil **en die** Sekretaris aldus skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet 'n verklaring van die eis **en die** gronde waarop dit gebaseer is, insluit. Die kennisgewing word deur die Sekretaris aan alle Partye deurgestuur.

#### ARTIKEL 5

1. Tensy die Partye by die geskil anders ooreenkom, vind arbitrasie in Den Haag plaas, **waar die** rekords van die Arbitrasiëtribunaal gehou word. Die Arbitrasiëtribunaal aanvaar sy eie prosedurereëls. Sodanige reëls verseker dat elke Party by die geskil volle geleentheid kry om aangehoor te word **en sy** saak te stel en verseker ook dat die verrigtinge so vinnig moontlik plaasvind.

2. Die Arbitrasiëtribunaal kan teeneise wat uit die geskil voortvloei, aanhoor en beslis.

#### ARTIKEL 6

1. Die Arbitrasiëtribunaal kan, indien hy meen dat hy *prima facie* kragtens die Protokol **jurisdiksie** het:

- (a) op versoek van enige Party by 'n geskil sodanige voorlopige maatreëls aanwys as **wat hy** nodig ag om die onderskeie regte van die Partye by die geskil te beskerm;
- (b) enige voorlopige maatreëls voorskryf wat hy onder die omstandighede gepas **ag ter** voorkoming van ernstige skade aan die Antarktiese omgewing en **verwante** ekosisteme.

2. Die Partye by die geskil moet onverwyld aan enige voorlopige maatreëls voldoen wat **kragtens** paragraaf 1 (b) hierbo voorgeskryf is, hangende 'n toekenning kragtens Artikel 10.

3. Ondanks die tydperk bedoel in Artikel 20 van die Protokol kan 'n Party by die geskil te **eniger** tyd deur middel van kennisgewing aan die ander party of partye by die geskil en aan die Sekretaris ooreenkomstig Artikel 4 versoek dat die Arbitrasiëtribunaal as 'n saak van uitsonderlike dringendheid gekonstitueer word ten einde voorlopige noodmaatreëls ooreenkomstig hierdie Artikel aan te wys **of voor** te skryf. In so 'n geval moet die Arbitrasiëtribunaal so gou moontlik ooreenkomstig Artikel 3 gekonstitueer word, behalwe dat die tydperke in Artikel 3 (1) (b), (c) en (d) in elke geval tot 14 dae verkort moet **word**. Die Arbitrasiëtribunaal moet binne twee maande na die aanstelling van sy Voorsitter oor die **versoek vir** voorlopige noodmaatreëls besluit.

4. Na aanleiding van 'n besluit deur die Arbitrasiëtribunaal oor 'n versoek vir voorlopige noodmaatreëls ooreenkomstig paragraaf 3 hierbo gaan beslegting van die geskil ooreenkomstig **Artikels 18, 19 en 20** van die Protokol voort.

#### ARTIKEL 7

Enige Party wat glo dat hy 'n regsbelang het, hetsy algemeen of individueel, wat wesentlik **deur die** toekenning van 'n Arbitrasiëtribunaal beïnvloed kan word, kan, tensy die Arbitrasiëtribunaal **anders** besluit, in die verrigtinge tussenbeide tree.

## ARTIKEL 8

Die Partye by die geskil moet die werk van die Arbitrasietribunaal fasiliteer en moet, in die besonder, ooreenkomstig hulle reg en deur gebruikmaking van alle middele tot hulle beskikking, hom van alle tersaaklike dokumente en inligting voorsien en, waar nodig, hom in staat stel om getuies of deskundiges op te roep en hulle getuienis te ontvang.

## ARTIKEL 9

Indien een van die Partye by die geskil nie voor die Arbitrasietribunaal verskyn nie of in gebreke bly om sy saak te verdedig, kan enige ander Party by die geskil die Arbitrasietribunaal versoek om met die verrigtinge voort te gaan en sy arbitrasiebeslissing te gee.

## ARTIKEL 10

1. Die Arbitrasietribunaal besleg, op die grondslag van die bepalings van die Protokol en ander toepaslike reëls en beginsels van die Volkereg wat nie met sodanige bepalings onversoenbaar is nie, sodanige geskille wat aan hom voorgelê word.

2. Die Arbitrasietribunaal kan *ex aequo et bono* 'n geskil wat aan hom voorgelê is, besleg indien die Partye by die geskil aldus ooreenkom.

## ARTIKEL 11

1. Voor hy sy toekenning maak, moet die Arbitrasietribunaal hom daarvan vergewis dat hy bevoegdheid ten opsigte van die geskil het en dat die eis of teeneis goed gegrond is in feite en in reg.

2. Die toekenning moet vergesel gaan van 'n verklaring van redes vir die beslissing en moet voorgelê word aan die Sekretaris, wat dit aan alle Partye moet deurstuur.

3. Die toekenning is finaal en bindend vir die Partye by die geskil en vir enige Party wat in die verrigtinge tussenbeide getree het en moet sonder versuim nagekom word. Die Arbitrasietribunaal vertolk die toekenning op versoek van 'n party by die geskil of van enige tussenbeitredende Party.

4. Die arbitrasiebeslissing het geen bindende krag nie behalwe ten opsigte van daardie bepaalde geval.

5. Tensy die Arbitrasietribunaal anders besluit, word die koste van die Arbitrasietribunaal, met inbegrip van die besoldiging van die Arbiters, in gelyke dele deur die Partye by die geskil gedra.

## ARTIKEL 12

Alle besluite van die Arbitrasietribunaal, met inbegrip van dié bedoel in Artikel 5, 6 en 11, word geneem deur die meerderheid van die Arbiters, wat nie buite stemming mag bly nie.

## ARTIKEL 13

1. Hierdie Skedule kan gewysig of verander word deur 'n maatreël aanvaar ooreenkomstig Artikel IX (1) van die Antarktiese Verdrag. Tensy die maatreëls anders bepaal, word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en tree dit in werking, een jaar na die sluiting van die Antarktiese Verdrag Raadplegende Vergadering waarby dit aanvaar is, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag die Depositaris binne daardie tydperk kennis gee dat hy 'n verlenging van daardie tydperk verlang of dat hy nie by magte is om die maatreël goed te keur nie.

2. Enige wysiging of verandering aan hierdie Skedule wat ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo in werking tree, tree daarna wat enige ander Party betref, in werking wanneer kennisgewing van goedkeuring deur hom deur die Depositaris ontvang word.

## **AANHANGSEL I BY DIE PROTOKOL OOR OMGEWINGSBESKERMING BY DIE ANTARKTIESE VERDRAG**

### **OMGEWINGSIMPAKBEOORDELING**

#### **ARTIKEL 1**

##### **VOORLOPIGE STADIUM**

1. Die omgewingsimpak van beoogde bedrywighede in Artikel 8 van die Protokol bedoel, moet voor die inwerkingtreding daarvan ooreenkomstig gepaste nasionale prosedures oorweeg word.
2. Indien daar bepaal word dat 'n bedrywigheid minder as 'n geringe of verbygaande impak het, kan die bedrywigheid onverwyld voortgaan.

#### **ARTIKEL 2**

##### **AANVANKLIKE OMGEWINGSEVALUERING**

1. Tensy daar bepaal is dat 'n bedrywigheid minder as 'n geringe of verbygaande impak sal hê, of tensy 'n Omvattende Omgewingsevaluering ooreenkomstig Artikel 3 opgestel word, moet 'n Aanvanklike Omgewingsevaluering opgestel word. Die moet voldoende besonderhede bevat om te beoordeel of 'n beoogde bedrywigheid meer as 'n geringe of verbygaande impak kan hê, en moet insluit—
  - (a) 'n beskrywing van die beoogde bedrywigheid, met inbegrip van die doel, ligging, duur en intensiteit daarvan; en
  - (b) 'n oorweging van alternatiewe vir die beoogde bedrywigheid en enige impakte wat die bedrywigheid kan hê, met inbegrip van die oorweging van kumulatiewe impakte in die lig van bestaande en bekende beplande bedrywighede.
2. Indien 'n Aanvanklike Omgewingsevaluering toon dat 'n beoogde bedrywigheid waarskynlik nie meer as 'n geringe of verbygaande impak sal hê nie, kan die bedrywigheid voortgaan, mits toepaslike prosedures, wat monitering kan insluit, ingestel word om die impak van die bedrywigheid te beoordeel en te verifieer.

#### **ARTIKEL 3**

##### **OMVATTENDE OMGEWINGSEVALUERING**

1. Indien 'n Aanvanklike Omgewingsevaluering toon of indien daar andersins bepaal word dat 'n beoogde bedrywigheid waarskynlik meer as 'n geringe of verbygaande impak sal hê, moet 'n Omvattende Omgewingsevaluering opgestel word.
2. 'n Omvattende Omgewingsevaluering moet insluit—
  - (a) 'n beskrywing van die beoogde bedrywigheid, met inbegrip van die doel, ligging, duur en intensiteit daarvan, en moontlike alternatiewe daarvoor, met inbegrip van die alternatief om nie voort te gaan nie, en die gevolge van die alternatiewe;
  - (b) 'n beskrywing van die aanvanklike omgewingsverwysingstoestand waarmee voorspelde veranderinge vergelyk moet word, en 'n voorspelling van die toekomstige omgewingsverwysingstoestand in afwesigheid van die beoogde bedrywigheid;
  - (c) 'n beskrywing van die metodes en data wat gebruik is om die impakte van die beoogde bedrywigheid te voorspel;
  - (d) 'n raming van die aard, omvang, duur en intensiteit van die waarskynlike direkte impakte van die bedrywigheid;
  - (e) oorweging van moontlike indirekte of tweede-orde-impakte van die beoogde bedrywigheid;

- (f) oorweging van kumulatiewe impakte van die beoogde bedrywigheid in die lig van bestaande bedrywighede en ander bekende beplande bedrywighede;
- (g) identifikasie van maatreëls, met inbegrip van moniteringsprogramme, wat getref kan word om impakte van die beoogde bedrywigheid te minimeer of te versag en onvoorsiene impakte op te spoor, en wat vroeë waarskuwing van enige nadelige uitwerking van die bedrywigheid kan gee asook ongelukke vinnig en doeltreffend kan hanteer;
- (h) identifikasie van onvermygbare impakte van die beoogde bedrywigheid;
- (i) oorweging van die uitwerking van die beoogde bedrywigheid op te doen van wetenskaplike navorsing en ander bestaande gebruike en waardes;
- (j) identifikasie van gapings in kennis en onsekerhede wat teëgekome is by die opstel van inligting wat kragtens hierdie paragraaf vereis word;
- (k) 'n nie-tegniese opsomming van die inligting wat kragtens hierdie paragraaf voorsien word; en
- (l) die naam en adres van die persoon of organisasie wat die Omvattende Omgewingsevaluering opgestel het, en die adres waarheen kommentaar daarop gestuur moet word.

3. Die konsepweergawe van die Omvattende Omgewingsevaluering moet vir kommentaar aan die publiek beskikbaar gestel word en moet aan alle partye gesirkuleer word, wat dit ook vir kommentaar aan die publiek beskikbaar moet stel. 'n Tydperk van 90 dae moet vir die ontvangs van kommentaar toegelaat word.

4. Die konsepweergawe van die Omvattende Omgewingsevaluering moet aan die Komitee gestuur word terselfdertyd wanneer dit aan die Partye gesirkuleer word, en minstens 120 dae voor die volgende Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering, vir oorweging soos gepas.

5. Geen finale besluit om met die beoogde bedrywigheid voort te gaan in die Antarktiese Verdraggebied word geneem nie, tensy daar geleentheid was vir die oorweging van die konsepweergawe van die Omvattende Omgewingsevaluering deur die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering op advies van Komitee, mits geen besluit om voort te gaan met 'n beoogde bedrywigheid vir langer as 15 maande na die datum van sirkulasie van die konsepweergawe van die Omvattende Omgewingsevaluering deur die werking van hierdie paragraaf vertraag word nie.

6. 'n Finale Omvattende Omgewingsevaluering moet aandag skenk aan kommentaar ontvang oor die konsepweergawe van die Omvattende Omgewingsevaluering, en dit insluit of opsom. Die finale Omvattende Omgewingsevaluering, kennisgewing van enige besluite daaroor, en enige evaluering van die beduidendheid van die voorspelde impakte met betrekking tot die voordele van die bedrywigheid, moet gesirkuleer word aan alle Partye, wat dit ook, minstens 60 dae voor die aanvang van die beoogde bedrywigheid in die Antarktiese Verdraggebied, aan die publiek beskikbaar moet stel.

#### **ARTIKEL 4**

##### **BESLUTE MOET GEBASEER WORD OP OMVATTENDE OMGEWINGSEVALUERING**

Enige besluit oor of 'n beoogde bedrywigheid waarop Artikel 3 van toepassing is, moet voortgaan, en indien wel, in sy oorspronklike of 'n gewysigde vorm, moet gebaseer word op die Omvattende Omgewingsevaluering en ander tersaaklike oorwegings.

#### **ARTIKEL 5**

##### **MONITERING**

1. Prosedures moet ingestel word, met inbegrip van gepaste monitering van sleutelomgewingsaanwysers, om die impak van enige bedrywigheid wat voortgaan na die voltooiing van 'n Omvattende Omgewingsevaluering, te beoordeel en te verifieer.

2. Die prosedures in paragraaf 1 hierbo en in Artikel 2 (2) bedoel, word ontwerp om 'n gereelde en verifieerbare rekord van die impakte van die bedrywigheid te voorsien, onder andere ten einde—

- (a) dit moontlik te maak om beoordelings te doen van die mate waarin sodanige impakte met die Protokol bestaanbaar is; en
- (b) inligting te verskaf wat nuttig is vir die minimering of versagting van impakte, en, waar van toepassing, inligting te verskaf oor die behoefte aan opskorting, kansellasië of verandering van die bedrywigheid.

## ARTIKEL 6

### SIRKULASIE VAN INLIGTING

1. Die volgende inligting moet aan die partye gesirkuleer word, aan die Komitee gestuur word en aan die publiek beskikbaar gestel word—

- (a) 'n beskrywing van die prosedures in Artikel 1 bedoel;
- (b) 'n jaarlikse lys van enige Aanvanklike Omgewingsevalueringe opgestel ooreenkomstig Artikel 2, en enige besluite as gevolg daarvan geneem;
- (c) beduidende inligting verkry, en enige stappe gedoen as gevolg daarvan, uit prosedures ingestel ooreenkomstig Artikels 2 (2) en 5; en
- (d) inligting in Artikel 3 (6) bedoel.

2. Enige Aanvanklike Omgewingsevaluering wat ooreenkomstig Artikel 2 opgestel is, moet op versoek beskikbaar gestel word.

## ARTIKEL 7

### NOODGEVALLE

1. Hierdie Aanhangsel is nie van toepassing in noodgevalle met betrekking tot die veiligheid van menselewens of van skepe, lugvaartuie of toerusting en fasiliteite met 'n hoë waarde, of die beskerming van die omgewing, wat vereis dat 'n bedrywigheid onderneem moet word sonder die voltooiing van die prosedures in hierdie Aanhangsel uiteengesit.

2. Kennis van bedrywigheide in noodgevalle onderneem, wat andersins die opstelling van 'n Omvattende Omgewingsevaluering sou vereis, moet onmiddellik aan alle Partye en aan die Komitee gesirkuleer word en 'n volledige verduideliking van die bedrywigheide wat uitgevoer is, moet binne 90 dae na daardie bedrywigheide verskaf word.

## ARTIKEL 8

### WYSIGING OF VERANDERING

1. Hierdie Aanhangsel kan gewysig of verander word deur 'n maatreël wat ooreenkomstig Artikel IX (1) van die Antarktiese Verdrag aanvaar word. Tensy die maatreël anders bepaal word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en word dit van krag, een jaar na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag oorlegplegende Vergadering waartydens dit aanvaar is, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.

2. Enige wysiging of verandering van hierdie Aanhangsel wat in werking tree ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo, tree daarna in werking ten opsigte van enige ander Party wanneer kennis van goedkeuring daarvan deur hom deur die Depositaris ontvang is.

## **AANHANGSEL II BY DIE PROTOKOL OOR OMGEWINGSBESKERMING BY DIE ANTARKTIESE VERDRAG**

### **BEWARING VAN ANTARKTIESE FAUNA EN FLORA**

#### **ARTIKEL 1**

##### **WOORDOMSKRYWING**

Vir doeleindes van hierdie Aanhangsel beteken—

- (a) **“inheemse soogdier”** enige lid van enige spesie wat behoort aan die klas Mammalia, wat inheems aan die Antarktiese Verdraggebied is of seisoenaal deur natuurlike migrasie daar voorkom;
- (b) **“Inheemse voël”** enige lid, in enige stadium van sy lewensiklus (met inbegrip van eiers), van enige spesie van die klas Aves wat inheems aan die Antarktiese Verdraggebied is of seisoenaal deur natuurlike migrasie daar voorkom;
- (c) **“inheemse plant”** enige land- of varswaterplantegroei, met inbegrip van briofiete, ligene, fungi en alge, in enige stadium van hulle lewensiklus (met inbegrip van sade en ander propagule), inheems aan die Antarktiese Verdraggebied;
- (d) **“inheemse ongewerwelde”** enige land- of varswaterongewerwelde in enige stadium van sy lewensiklus, inheems aan die Antarktiese Verdraggebied;
- (e) **“gepaste owerheid”** enige persoon of liggaam wat deur 'n Party gemagtig is om permitte kragtens hierdie Aanhangsel uit te reik;
- (f) **“permit”** formele skriftelike goedkeuring deur 'n gepaste owerheid uitgereik;
- (g) **“wegneem”** of **“wegneming”** om 'n inheemse soogdier of voël dood te maak, te beseer, te vang, te hanteer of te hinder of om sulke hoeveelhede van inheemse plante te verwyder of te beskadig dat hulle plaaslike verspreiding of talrykheid beduidend geraak sal word;
- (h) **“skadelike inmenging”—**
  - (i) die vlieg of land van helikopters of ander lugvaartuie op 'n wyse wat konsentrasie van voëls en robbe versteur;
  - (ii) die gebruik van voertuie of vaartuie, met inbegrip van skeertuie en klein bote, op 'n wyse wat konsentrasies van voëls of robbe versteur;
  - (iii) die gebruik van ontplofbare stowwe of vuurwapens op 'n wyse wat konsentrasie van voëls of robbe versteur;
  - (iv) die opsetlike versteuring van telende of ververende voëls of konsentrasie van voëls en robbe deur persone te voer;
  - (v) beduidende beskadiging van konsentrasie van inheemse landplante deur die land van lugvaartuie, die bestuur van voertuie of deur daarop te loop of op ander wyses; en
  - (vi) enige bedrywigheid wat lei tot die beduidende negatiewe verandering van habitate van enige spesie of bevolking van inheemse soogdier, voël, plant of ongewerwelde;
- (i) **“Internasionale Konvensie vir die Regulering van Walvisjag”** die Konvensie is op 2 Desember 1946 te Washington onderteken.

#### **ARTIKEL 2**

##### **NOODGEVALLE**

**1.** Hierdie Aanhangsel is nie van toepassing in noodgevalle met betrekking tot die veiligheid van menselewens of van skepe, lugvaartuie of toerusting en fasiliteite met 'n hoë waarde, of die beskerming van die omgewing.

**2.** Kennis van bedrywigheide wat in noodgevalle onderneem is, moet onmiddellik aan alle Partye en aan die Komitee gesirkuleer word.

**ARTIKEL 3****BESKERMING VAN INHEEMSE FAUNA EN FLORA**

1. Wegneming of skadelike inmenging is verbode, behalwe ooreenkomstig 'n permit.
2. Sodanige permitte moet die gemagtigde bedrywigheid vermeld, met inbegrip van wanneer, waar en deur wie dit gedoen moet word, en moet slegs in die volgende omstandighede uitgereik word:
  - (a) om monsters te verskaf vir wetenskaplike studie of wetenskaplike inligting;
  - (b) om monsters te verskaf vir museums, herbaria, soölogiese en botaniese tuine of ander opvoedkundige of kulturele instellings of gebruike; en
  - (c) om voorsiening te maak vir onvermybare gevolge van wetenskaplike bedrywigheide wat nie andersins gemagtig word onder subparagraawe (a) of (b) hierbo nie, of vir die konstruksie en bedryf van wetenskaplike ondersteuningsfasiliteite.
3. Die uitreiking van sodanige permitte moet beperk word ten einde te verseker dat—
  - (a) daar nie meer inheemse soogdiere, voëls of plante weggeneem word nie as wat streng gesproke nodig is om te voldoen aan die doeleindes in paragraaf 2 hierbo uiteengesit;
  - (b) slegs klein getalle inheemse soogdiere of voëls doodgemaak word, en in geen geval mag meer inheemse soogdiere of voëls van plaaslike bevolkings doodgemaak word nie as wat in kombinasie met ander toegelate wegnemings normaalweg vervang word deur natuurlike reproduksie in die volgende seisoen; en
  - (c) die diversiteit van spesies, asook die habitatte wat noodsaaklik is vir hulle bestaan en die balans van die ekologiese stelsels wat binne die Antarktiese Verdraggebied bestaan, gehandhaaf word.
4. Enige spesie van inheemse soogdiere, voëls en plante in Bylae A van hierdie Aanhangsel gelys, moet as "Spesiaal Beskermde Spesie" aangewys word en moet spesiale beskerming deur die Partye verleen word.
5. 'n Permit om 'n Spesiaal Beskermde Spesie weg te neem, mag nie uitgereik word nie, tensy die wegneming daarvan—
  - (a) vir 'n dwingende wetenskaplike doel is;
  - (b) nie die oorlewing of herstel van daardie spesie of plaaslike bevolking in gevaar sal stel nie; en
  - (c) nie-dodelike tegnieke gebruik waar gepas.
6. Alle wegneming van inheemse soogdiere en voëls word gedoen op die wyse wat die minste mate van pyn en lyding doenlik, behels.

**ARTIKEL 4****INBRING VAN NIE-INHEEMSE SPESIES, PARASIETE EN SIEKTES**

1. Geen spesie van 'n dier of plant wat nie inheems is aan die Antarktiese Verdraggebied nie, mag ingebring word op grond of ysbanke of in water in die Antarktiese Verdraggebied nie, behalwe ooreenkomstig 'n permit.
2. Honde mag nie op grond of ysbanke ingebring word nie, en honde in dié gebiede moet teen 1 April 1994 verwyder word.
3. Permitte kragtens paragraaf 1 hierbo word uitgereik ten einde die inbring moontlik te maak van slegs die diere en plante gelys in Bylae B van hierdie Aanhangsel en moet die spesie, getalle en, indien van toepassing, ouderdom en geslag en voorsorg wat getref moet word om ontsnapping of kontak met inheemse fauna en flora te voorkom, vermeld.

4. Enige plant of dier waarvoor 'n permit ooreenkomstig paragrawe 1 en 3 hierbo uitgereik is, moet voor die verval van die permit verwyder word uit die Antarktiese Verdraggebied of daar moet daarvoor beskik word deur verbranding of op 'n ewe doeltreffende wyse wat risiko vir inheemse fauna en flora uitskakel. Die permit moet hierdie verpligting vermeld. Enige ander plant of dier ingebring in die Antarktiese Verdraggebied wat nie inheems is aan daardie gebied nie, met inbegrip van enige nakamelinge, moet verwyder word of daar moet daarvoor beskik word, deur verbranding of op 'n ewe doeltreffende wyse, om dit steriel te maak, tensy daar bepaal word dat dit geen risiko vir inheemse fauna en flora inhou nie.

5. Niks in hierdie Artikel is van toepassing nie op die inbring van kos in die Antarktiese Verdraggebied, mits geen lewende diere vir hierdie doel ingebring word nie en alle plante en dierdele en -produkte onder sorgvuldige beheerde toestande gehou word, en daar daarvoor beskik word ooreenkomstig Aanhangel III van die Protokol en Bylae C van hierdie Aanhangel.

6. Elke Party moet vereis dat voorsorg, met inbegrip van voorsorg gelys in Bylae C van hierdie Aanhangel, getref word om die inbring te voorkom van mikro-organismes (bv. virusse, bakterieë, parasiete, gisstowwe, fungi) wat nie in die inheemse fauna en flora teenwoordig is nie.

## ARTIKEL 5

### INLIGTING

Elke party moet inligting opstel en beskikbaar stel wat veral verbode bedrywighede uiteensit en wat lyste van Spesiaal Beskermdes Spesies en tersaaklike Beskermdes Gebiede verskaf aan al die persone teenwoordig in die Antarktiese Verdraggebied of wat beoef om die Antarktiese Verdraggebied binne te gaan, met die oog daarop om te verseker dat sodanige persone die bepalinge van hierdie Aanhangel begryp en nakom.

## ARTIKEL 6

### UITRUIL VAN INLIGTING

1. Die Partye moet reëliger tref vir—

- (a) die insameling en uitruiling van rekords (met inbegrip van rekords van permitte) en statistieke betreffende die getal of hoeveelheid van elke spesie van inheemse soogdier, voël of plant wat jaarliks in die Antarktiese Verdraggebied weggeneem word;
- (b) verkryging en uitruiling van inligting oor die status van inheemse soogdiere, voëls, plante en ongewerweldes in die Antarktiese Verdraggebied en die mate waarin enige spesie of bevolking beskerm moet word;
- (c) die daarstelling van 'n algemene vorm waarin hierdie inligting ooreenkomstig paragraaf 2 hieronder deur Partye voorgelê moet word.

2. Elke Party moet die ander Partye en die Komitee ook voor die einde van November van elke jaar in kennis stel van enige stap gedoen ingevolge paragraaf 1 hierbo en van die getal en aard van permitte uitgereik ingevolge hierdie Aanhangel in die voorafgaande tydperk van 1 Julie to 30 Junie.

## ARTIKEL 7

### VERHOUDING MET ANDER OOREENKOMSTE BUITE DIE ANTARKTIESE VERDRAGSTELSE

Niks in hierdie Aanhangel doen afbreuk aan die regte en verpligtinge van Partye kragtens die Internasionale Konvensie vir die Regulering van Walvisjag nie.

**ARTIKEL 8****HERSIENING**

Die Partye moet maatreëls vir die bewaring van Antarktiese fauna en flora voortdurend hersien, met inagneming van enige aanbevelings van die Komitee.

**ARTIKEL 9****WYSIGING OF VERANDERING**

1. Hierdie Aanhangsel kan gewysig of verander word deur 'n maatreël wat ooreenkomstig Artikel IX (1) van die Antarktiese Verdrag aanvaar word. Tensy die maatreël anders bepaal, word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en word dit van krag een jaar na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waartydens dit aanvaar is, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.

2. Enige wysiging of verandering van hierdie Aanhangsel wat in werking tree ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo, tree daarna in werking ten opsigte van enige ander Party wanneer kennisgewing van goedkeuring daarvan deur die Depositaris ontvang is.

**BYLAES BY DIE AANHANGSEL****BYLAE A: SPESIAAL BESKERMDE SPESIES**

Alle spesies van die genus *Arctocephalus*, Pelsrobbe. *Ommatophoca rossii*, Ross-rob.

**BYLAE B: INBRING VAN DIERE EN PLANTE**

Die volgende diere en plante kan ooreenkomstig permitte uitgereik kragtens Artikel 4 van heirdie Aanhangsel in die Antarktiese Verdraggebied ingebring word—

- (a) huishoudelike plante; en
- (b) laboratoriumdiere en -plante, met inbegrip van virusse, baktereë, gisstowwe en fungi.

**BYLAE C: VOORSORGMAATREËLS OM DIE INBRING VAN MIKRO-ORGANISMES  
TE VOORKOM**

1. Pluimvee. Geen lewende pluimvee of ander lewende voëls mag die Antarktiese Verdraggebied ingebring word nie. Voordat bewerkte pluimvee verpak word vir verskeping na die Antarktiese Verdraggebied, moet dit ondersoek word vir bewyse van siektes, soos Newcastle-siekte, tuberkulose en gisinfeksie. Enige pluimvee of dele daarvan wat nie verbruik is nie, moet uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word of daar moet daarvoor beskik word deur verbranding of op 'n gelykwaardige wyse wat risiko vir inheemse flora en fauna uitskakel.

2. Die inbring van nie-steriele grond moet in die maksimum mate doenlik vermy word.

## **AANHANGSEL III BY DIE PROTOKOL OOR OMGEWINGSBESKERMING BY DIE ANTARKTIESE VERDRAG**

### **WEGDOEN VAN AFVAL EN AFVALBESTUUR**

#### **ARTIKEL 1**

##### **ALGEMENE VERPLIGTINGE**

**1.** Hierdie Aanhangsel is van toepassing op bedrywighede wat in die Antarktiese Verdraggebied onderneem word ingevolge wetenskaplike navorsingprogramme, toerisme en alle ander regerings- en nie-regeringsbedrywighede in die Antarktiese Verdraggebied waarvoor voorafkennisgewing vereis word kragtens Artikel VII (5) van die Antarktiese Verdrag, met inbegrip van gepaardgaande logistiese ondersteuningsbedrywighede.

**2.** Die hoeveelheid afval geproduseer of waarmee weggedoen word in die Antarktiese Verdraggebied, word so ver doenlik verminder ten einde die impak op die Antarktiese ingewing te minimeer en om inmenging met die natuurlike waardes van Antarktika, met wetenskaplike navorsing en met ander gebruike en Antarktika wat bestaanbaar is met die Antarktiese Verdrag, te minimeer.

**3.** Afvalberging en wegdoening en verwydering van afval in die Antarktiese Verdraggebied, asook hersiklering en bronvermindering, is noodsaaklike oorwegings in die beplanning en uitvoering van bedrywighede in die Antarktiese Verdraggebied.

**4.** Afval wat uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word, moet in die maksimum mate doenlik teruggestuur word na die land van waar die bedrywighede wat die afval gegenereer het, georganiseer is, of na enige ander land waar reëlings getref is vir die wegdoening van sodanige afval ooreenkomstig tersaaklike internasionale ooreenkomste.

**5.** Vorige en huidige afvalstortterreine op land en verlate werkterreine van Antarktiese bedrywighede moet opgeruim word deur die genereerder van sodanige afval en die gebruik van sodanige terreine. Hierdie verpligting word nie uitgelê nie as sou dit vereis dat:

- (a) enige struktuur aangewys as 'n geskiedkundige terrein of monument verwyder moet word; of
- (b) enige struktuur of afvalmateriaal verwyder moet word in omstandighede waarin die verwydering deur enige praktiese opsies sou lei tot 'n groter negatiewe omgewingsimpak as om die struktuur of afvalmateriaal in sy bestaande posisie te laat.

#### **ARTIKEL 2**

##### **WEGDOENING VAN AFVAL DEUR VERWYDERING UIT DIE ANTARKTIESE VERDRAGGEBIED**

**1.** Die volgende afval, indien gegenereer na die inwerkingtreding van hierdie Aanhangsel, moet deur die genereerder van sodanige afval uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word—

- (a) radio-aktiewe materiaal;
- (b) elektriese batterye;
- (c) brandstof, sowel vloeibaar as solied;
- (d) afval wat skadelike vlakke van swaar metale of akuut toksiese of skadelike nawerkende verbindings bevat;
- (e) polivinielchloried (PVC), poliuretaanskuim, polistireenskuim, rubber en smeerolies, behandelde hout en ander produkte wat bymiddels bevat wat skadelike uitlate kan produseer indien dit verbrand word;

- (f) alle ander plastiekafval, behalwe laedigheidpoliëteleenhouers (soos sakke vir die berging van afval), mits sodanige houers ooreenkomstig Artikel 3 (1) verbrand word;
- (g) brandstofdromme; en
- (h) ander soliede, nie-brandbare afval;

mits die verpligting om dromme en soliede nie-brandbare afval te verwyder, vervat in subparagrafe (g) en (h) hierbo, nie van toepassing is nie in omstandighede waar die verwydering van sodanige afval deur enige praktiese opsie sal lei tot 'n groter negatiewe omgewingsimpak as om hulle in hulle bestaande posisies te laat.

**2.** Vloeibare afval wat nie gedek word deur paragraaf 1 hierbo nie, en riool en huishoudelike vloeibare afval, moet in die maksimum mate doenlik deur die genereerder van sulke afval uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word.

**3.** Die volgende afval moet deur die genereerder van sodanige afval uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word, tensy dit verbrand, geoutoklaveer of andersins behandel is om dit steriel te maak:

- (a) oorblyfsels van karkasse van ingevoerde diere;
- (b) laboratoriumkultuur van mikro-organismes en plantpatogene; en
- (c) ingevoerde voëlprodukte.

### **ARTIKEL 3**

#### **AFVALBESKIKKING DEUR VERBRANDING**

**1.** Behoudens paragraaf 2 hieronder moet ander brandbare afval as dié bedoel in Artikel 2 (1) wat nie uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word nie, verbrand word in verbranders wat in die maksimum mate doenlik skadelike uitlate verminder. Enige uitlatingstandaarde en toerustingsriglyne wat aanbeveel kan word deur onder andere die Komitee en die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing, moet in ag geneem word. Die vaste residu van sodanige verbranding moet uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word.

**2.** Alle oop verbranding van afval moet so gou doenlik uitgefaseer word, maar nie later nie as die einde van die 1998/1999-seisoen. Hangende die voltooiing van sodanige uitfasering moet, wanneer dit nodig is om deur oop verbranding oor afval te beskik, die windrigting en -spoed en die tipe afval wat verbrand word, in ag geneem word ten einde deeltjie-afsetting te beperk, en om sodanige afsetting te vermy oor gebiede van spesiale biologiese, wetenskaplike, geskiedkundige, estetiese of wildernisbelang, met inbegrip van veral gebiede waaraan kragtens die Antarktiese Verdrag beskerming verleen word.

### **ARTIKEL 4**

#### **ANDER AFVALBESKIKKING OP LAND**

**1.** Afval wat nie verwyder nie of waaroor nie beskik word ooreenkomstig Artikels 2 en 3 nie, mag nie op ysvrye gebiede of in varswaterstelsels weggedoen word nie.

**2.** Riool, huishoudelike vloeibare afval en ander vloeibare afval wat nie ooreenkomstig Artikel 2 uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder word nie, mag, in die maksimum mate doenlik, nie weggedoen word in seeys, ysbanke of op die vaste ysplaat nie, mits sodanige afval wat gegenereer word deur stasies geleë in die binneland of op ysbanke of op die vaste ysplaat, weggedoen kan word in diep ysputte waar sodanige wegdoening die enigste praktiese opsie is. Sodanige putte mag nie geleë wees op bekende ysvloeielyne wat eindig in ysvrye gebiede of in gebiede van hoë wegsmelting nie.

**3.** Afval gegenereer by veldkampe moet in die maksimum mate doenlik deur die genereerder van sodanige afval verwyder word na ondersteuningstasies of skepe vir wegdoening ooreenkomstig hierdie Aanhangsel.

## **ARTIKEL 5**

### **BESKIKKING OOR AFVAL IN DIE SEE**

**1.** Riool en huishoudelike afval mag direk in die see gestort word, met inagneming van die assmimileervermoë van die ontvangende mariene omgewing en mits:

- (a) sodanige storting, waar doenlik, geleë is waar toestande vir aanvanklike verdunning en vinnige verspreiding bestaan; en
- (b) groot hoeveelhede van sodanige afval (gegenereer in 'n stasie waar die gemiddelde weeklikse besetting gedurende die suidelike somer ongeveer 30 individue of meer is) minstens deur deurweking behandel word.

**2.** Die neweprodukte van rioolbehandeling deur die Rotary Biological Contacter-proses of soortgelyke prosesse kan in die see weggedoen word mits sodanige beskikking nie die plaaslike omgewing negatief beïnvloed nie, en voorts mits enige sodanige beskikking ter see ooreenkomstig Aanhangsel IV by die Protokol geskied.

## **ARTIKEL 6**

### **BERGING VAN AFVAL**

Alle afval wat uit die Antarktiese Verdraggebied verwyder moet word of waaroor andersins beskik moet word, moet geberg word op so 'n wyse dat die verspreiding daarvan in die omgewing voorkom word.

## **ARTIKEL 7**

### **VERBODE PRODUKTE**

Geen polichloorbifeniele (PCB's), nie-steriele grond, polistireenkorrels of -vlokkes of soortgelyke vorme van verpakking, of plaagdoders (anders as dié benodig vir wetenskaplike, mediese of higiëniese doeleindes) mag op land of ysbanke of in die water in die Antarktiese Verdraggebied ingebring word nie.

## **ARTIKEL 8**

### **AFVALBESTUURSBEPLANNING**

**1.** Elke Party wat self bedrywig is in die Antarktiese Verdraggebied moet ten opsigte van dié bedrywighede 'n afvalwegdoeningsklassifikasiesistelsel opstel as 'n basis vir die aantekening van afval en om studies gerig op die evaluering van die omgewingsimpakte van wetenskaplike bedrywighede en gepaardgaande logistiese ondersteuning te vergemaklik. Om hierdie rede moet afval wat geproduseer word, geklassifiseer word as—

- (a) riool en huishoudelike vloeibare afval (Groep 1);
- (b) ander vloeibare afval en chemikalieë, met inbegrip van brandstowwe en smeermiddels (Groep 2);
- (c) soliede afval wat verbrand moet word (Groep 3);
- (d) ander soliede afval (Groep 4); en
- (e) radio-aktiewe materiaal (Groep 5).

2. Ten einde die impak van afval op die Antarktiese omgewing verder te verminder, moet elke sodanige Party sy afvalbestuursplanne (met inbegrip van afvalvermindering, -berging en -wegdoening), opstel en jaarliks hersien en bywerk, met vermelding van die volgende vir elke vaste terrein, vir veldkampe in die algemeen en vir elke skip (behalwe klein bote wat deel is van die bedrywighede van vaste terrein of van skepe en met inagneming van bestaande bestuursplanne vir skepe):

- (a) programme vir die opruiming van bestaande afvalstortterreine en verlate werkterreine;
- (b) huidige en beplande afvalbestuursreëlins, met inbegrip van finale wegdoening;
- (c) huidige en beplande reëlins vir die ontleding van die omgewingsuitwerking van afval en afvalbestuur; en
- (d) ander pogings om enige omgewingsuitwerking van afval en afvalbestuur te minimeer.

3. Elke sodanige Party moet, so ver doenlik, ook 'n inventaris van die ligging van bedrywighede (soos waarnemingsroetes, brandstofdepots, veldbassise, vliegtuie wat geval het) opstel voor die inligting verlore gaan, sodat sodanige plekke in ag geneem kan word wanneer toekomstige wetenskaplike programme beplan word (soos sneeuchemie, besoedelstowwe in ligene of yskernboorwerk).

## ARTIKEL 9

### SIRKULASIE EN HERSIENING VAN AFVALBESTUURSPLANNE

1. Die afvalbestuursplanne ooreenkomstig Artikel 8 opgestel, verslae oor die implementering daarvan en die inventarisse in Artikel 8 (3) bedoel, moet ingesluit word by die jaarlikse uitruil van inligting ooreenkomstig Artikels III en VIII van die Antarktiese Verdrag en verwante Aanbevelings kragtens Artikel IX van die Antarktiese Verdrag.

2. Elke Party moet afskrifte van sy afvalbestuursplanne en verslae oor die implementering en hersiening daarvan aan die Komitee stuur.

3. Die Komitee kan afvalbestuursplanne en verslae daarvoor hersien en kommentaar lewer, met inbegrip van voorstelle vir die minimering van impakte en die wysiging en verbetering van die planne, vir oorweging deur die Partye.

4. Partye kan inligting uitruil en advies lewer oor onder andere beskikbare lae-afvaltenologieë, heromskakeling van bestaande installasies, spesiale vereistes vir uitvloeisel, en geskikte wegdoen- en uitlaatmetodes.

## ARTIKEL 10

### BESTUURSPRAKTYKE

Elke Party moet—

- (a) 'n afvalbestuursbeampte aanwys om afvalbestuursplanne te ontwikkel en te monitor; in die veld moet hierdie verantwoordelikheid by elke terrein aan 'n geskikte persoon gedelegeer word;
- (b) verseker dat lede van sy ekspedisies opleiding ontvang wat ontwerp is om die impak van sy bedrywighede in die Antarktiese omgewing te beperk en om hulle in te lig oor die vereistes van hierdie Aanhangel; en
- (c) die gebruik van polivinylchloried (PVC) -produkte ontmoedig en verseker dat sy ekspedisies na die Antarktiese Verdraggebied ingelig is oor enige PVC-produkte wat hulle in die gebied kan inbring sodat hierdie produkte daarna ooreenkomstig hierdie Aanhangel verwyder kan word.

**ARTIKEL 11****HERSIENING**

Hierdie Aanhangel is onderworpe aan gereelde hersiening ten einde te verseker dat dit bygewerk word om verbetering in afvalwegdoentegnologie en -prosedures te weerspieël en daardeur maksimum beskerming van die Antarktiese omgewing te verseker.

**ARTIKEL 12****NOODGEVALLE**

1. Hierdie Aanhangel is van toepassing nie in noodgevalle met betrekking tot die veiligheid van menslewens of van skepe, lugvaartuie of toerusting en fasiliteite met 'n hoë waarde, of die beskerming van die omgewing.

2. Kennisgewing van bedrywighede wat in noodgevalle onderneem is, moet onmiddellik aan alle Partye en aan die Komitee gesirkuleer word.

**ARTIKEL 13****WYSIGING OF VERANDERING**

1. Hierdie Aanhangel kan gewysig word of verander word deur 'n maatreël wat ooreenkomstig Artikel IX (1) van die Antarktiese Verdrag aanvaar is. Tensy die maatreël anders bepaal, word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en word dit van krag, een jaar na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waartydens dit aanvaar is, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag die Depositaris binne daardie tydperk in kennis te stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.

2. Enige wysiging of verandering van hierdie Aanhangel wat in werking tree ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo, tree daarna in werking ten opsigte van enige ander Partye wanneer kennisgewing van goedkeuring daarvan deur hom deur die Depositaris ontvang is.

**AANHANGSEL IV BY DIE PROTOKOL OOR OMGEWINGSBESKERMING BY DIE ANTARKTIESE VERDRAG****VOORKOMING VAN MARIENE BESOEDELING****ARTIKEL 1****WOORDOMSKRYWING**

Vir doeleindes van hierdie Aanhangel beteken—

- (a) **“uitlating”** enige vrylating hoegenaamd uit 'n skip en ook enige ontsnapping, wegdoening, mors, uitlek, uitpomp, uitstorting of leegmaak;
- (b) **“vullis”** alle soorte voedsel-, huishoudelike en bedryfsafval, met uitsondering van vars vis en dele daarvan, gegeneroer gedurende die normale bedryf van die skip, behalwe die stowwe wat deur Artikels 3 en 4 gedek word;
- (c) **“MARPOL 73/78”** die Internasionale Konvensie ter Voorkoming van Besoedeling deur Skepe, 1973, soos gewysig deur die Protokol van 1978 wat verband hou daarmee en deur enige ander wysiging van krag daarna;
- (d) **“skadelike vloeistof”** enige skadelike vloeistof soos omskryf in Aanhangel II van MARPOL 73/78;

- (e) **“olie”** petroleum in enige vorm met inbegrip van ru-olie, brandolie, slyk, olie-afval en geraffineerde olieprodukte (uitgesonderd petrochemikalieë wat onderworpe is aan die bepalings van Artikel 4);
- (f) **“olierige mengsel”** ’n mengsel met enige olie-inhoud; en
- (g) **“skip”** ’n vaartuig van enige tipe hoegenaamd wat in die mariene omgewing bedryf word en ook skuurbote, lugkussingvaartuie, onderwatervaartuie, drywende vaartuie en vaste of drywende platvorms.

## **ARTIKEL 2**

### **TOEPASSING**

Hierdie Aanhangsel is van toepassing, ten opsigte van elke Party, op skepe wat daarop geregtig is om sy vlag te voer en op enige ander skip betrokke by of ondersteunend vir sy Antarktiese bedrywighede, terwyl hulle in die Antarktiese Verdraggebied werksaam is.

## **ARTIKEL 3**

### **OLIE-UITLATING**

1. Enige uitlating in die see van olie of olierige mengsels is verbode, behalwe in gevalle kragtens Aanhangsel I van MARPOL 73/78 toegelaat. Onderwyl hulle in die Antarktiese Verdraggebied werksaam is, moet skepe alle slyk, vuil ballas, tenkwaswater en ander olieresidu en -mengsels wat nie in die see uitgelaat mag word nie, aan boord hou. Skepe mag hierdie residu uitlaat slegs buite die Antarktiese Verdraggebied, by ontvangsfasiliteite of soos andersins toegelaat kragtens Aanhangsel I van MARPOL 73/78.

2. Hierdie Artikel is nie van toepassing nie op—

- (a) die uitlaat in die see van olie of olierige mengsels weens skade aan ’n skip of sy toerusting:
  - (i) mits alle redelike voorsorg getref is na die voorkoms van die skade of die ontdekking van die uitlating vir die doel van die voorkoming of minimering van die uitlating; en
  - (ii) behalwe indien die eienaar of die Gesagvoerder opgetree het met die bedoeling om skade te veroorsaak, of roekeloos opgetree het en met die wete dat skade waarskynlik daaruit sal voortspruit; of
- (b) die uitlaat in die see van stowwe wat olie bevat wat gebruik word vir die doel van die bestryding van spesifieke besoedelingsvoorvalle ten einde die skade van besoedeling te minimeer.

## **ARTIKEL 4**

### **UITLAAT VAN SKADELIKE VLOEISTOWWE**

Die uitlaat in die see van enige skadelike vloeistof en enige ander chemiese of ander stowwe in hoeveelhede of konsentrasies wat skadelik is vir die mariene omgewing, is verbode.

## **ARTIKEL 5**

### **WEGDOEN VAN VULLIS**

1. Die wegdoening in die see van alle plastiek, met inbegrip van maar nie beperk nie tot, sintetiese visnette en plastiekvullissake, is verbode.
2. Die wegdoening in die see van alle ander vullis, met inbegrip van papierprodukte, vodde, glas, metaal, bottels, breekware, verbandingsas, stumateriaal, voering- en verpakkingsmateriaal is verbode.

3. Die wegdoening in die see van voedselafval kan toegelaat word wanneer dit deur 'n kerwer of meuel gegaan het, mits sodanige wegdoening, behalwe in gevalle toegelaat kragtens Aanhangel V van MARPOL 73/78, so ver doenlik van land en ysbanke geskied, maar nooit minder nie as 12 seemyl van die naaste land of ysbank. Sodanige vergruisde of gemaalde voedselafval moet deur 'n sif met opening van nie groter nie as 25 millimeter kan gaan.

4. Wanneer 'n stof of materiaal deur hierdie artikel gedek, gemeng word met ander sodanige stowwe of materiaal vir uitlating of wegdoening, wat verskillende wegdoenings- of uitlatingsvereistes het, is die strengste wegdoenings- of uitlatingsvereistes van toepassing.

5. Die bepalings van paragrawe 1 en 2 hierbo is nie van toepassing nie op:

- (a) die ontsnapping van vullis weens skade aan 'n skip of sy toerusting, mits alle redelike voorsorg voor en na die voorkoms van die skade getref is vir die doel van die voorkoming of minimering van die uitlate; of
- (b) die toevallige verlies van sintetiese visnette, mits alle redelike voorsorg getref is om sodanige verlies te voorkom.

6. Die Partye moet, waar toepaslike, die gebruik van vullisrekordboeke vereis.

## ARTIKEL 6

### UITLAAT VAN RIOOL

1. Behalwe waar dit Antarktiese bedrywighede onnodig sal belemmer:

- (a) moet elke Party alle uitlating in die see van onbehandelde riool ("riool" is in Aanhangel IV van MARPOL 73/78 omskryf) binne 12 seemyl van die land of ysbanke uitskakel;
- (b) verby hierdie afstand moet riool gestoor in 'n houertenk nie onmiddellik uitgelaat word nie, maar teen 'n matige tempo en, waar van toepassing, terwyl die skip onderweg is teen 'n spoed van nie minder nie as 4 knope.

Hierdie paragraaf is nie van toepassing nie op skepe wat gesertifiseer is om hoogstens 10 persone te dra.

2. Die Partye moet waar toepaslike die gebruik van rioolrekordboeke vereis.

## ARTIKEL 7

### NOODGEVALLE

1. Artikels 3, 4, 5 en 6 van hierdie Aanhangel is nie van toepassing nie in noodgevalle betreffende die veiligheid van 'n skip en diegene aan boord of die red van 'n lewe ter see.

2. Kennis van bedrywighede wat in noodgevalle onderneem is, moet onmiddellik aan alle Partye en aan die Komitee gesirkuleer word.

## ARTIKEL 8

### UITWERKING OP AFHANKLIKE EN VERWANTE EKOSISTEME

By die implementering van die bepalings van hierdie Aanhangel moet behoorlike oorweging geskenk word aan die behoefte om nadelige uitwerkings op afhanklike en verwante ekosisteme buite die Antarktiese Verdraggebied te vermy.

**ARTIKEL 9****SKIPHOUVERMOË EN ONTVANGSFASILITEITE**

1. Elke Party moet onderneem om te verseker dat alle skepe wat daarop geregtig is om sy vlag te voer en enige ander skip betrokke by sy Antarktiese bedrywighede of wat dit ondersteun, voordat hulle die Antarktiese Verdraggebied binnegaan, aan boord uitgerus word met 'n tenk of tenks van voldoende vermoë vir die hou van alle slyk, vuil ballas, tenkwaswater en ander olieresidu en -mengsels, en dat hulle voldoende vermoë aan boord het vir die hou van vullis, terwyl hulle in die Antarktiese Verdraggebied werksaam is, en dat hulle ooreenkomste aangegaan het om sodanige olieresidu en vullis by 'n ontvangsfasiliteit uit te laat nadat hulle daardie gebied verlaat het. Skepe moet ook voldoende vermoë aan boord hê vir die hou van skadelike vloeistowwe.

2. Elke Party van wie se hawens skepe vertrek na of by wie se hawens skepe arriveer van die Antarktiese Verdraggebied, onderneem om te verseker dat daar so gou doenlik toereikende fasiliteite voorsien word vir die ontvangs van alle slyk, vuil ballas, tenkwaswater en ander olieresidu en -mengsels, en vullis van skepe, sonder onnodige vertraging, en ooreenkomstig die behoeftes van die skepe wat dit gebruik.

3. Partye wat skepe bedryf wat vertrek na of arriveer van die Antarktiese Verdraggebied by hawens van ander Partye, moet oorleg pleeg met dié Partye met die oog daarop om te verseker dat die daarstelling van hawe-ontvangsfasiliteite nie 'n onbillike las op Partye naby die Antarktiese Verdraggebied plaas nie.

**ARTIKEL 10****ONTWERP, KONSTRUKSIE, BEMANNING EN TOERUSTING VAN SKEPE**

In die ontwerp, konstruksie, bemanning en toerusting van skepe betrokke by of ondersteunend aan Antarktiese bedrywighede moet elke Party die oogmerke van hierdie Aanhangsel in ag neem.

**ARTIKEL 11****SOEWEREINE IMMUNITEIT**

1. Hierdie Aanhangsel is nie van toepassing nie op enige oorlogskip, vlootbystandskip of ander skip wat deur 'n Staat besit of bedryf word en wat in daardie stadium net in nie-kommersiële regeringsdiens gebruik word. Elke Party moet egter deur die aanvaarding van gepaste maatreëls wat nie die bedrywighede of bedryfsvermoë van sodanige skepe wat deur hom besit of bedryf word, belemmer nie, verseker dat sodanige skepe optree op 'n wyse wat so ver redelik en doenlik met hierdie Aanhangsel bestaanbaar is.

2. By die toepassing van paragraaf 1 hierbo moet elke Party die belang van die beskerming van die Antarktiese omgewing in ag neem.

3. Elke Party moet die ander Partye in kennis stel van hoe hy hierdie bepaling implementeer.

4. Die geskilbeslegtingsprosedure uiteengesit in Artikels 18 tot 20 van die Protokol is nie op hierdie Artikel van toepassing nie.

**ARTIKEL 12****VOORKOMENDE MAATREËLS EN NOODGEVALPARAATHEID EN REAKSIE**

1. Ten einde doeltreffender te reageer op marienebesoedelingsnooddevalle of die bedreiging daarvan in die Antarktiese Verdraggebied moet die Partye, ooreenkomstig Artikel 15 van die Protokol, gebeurlikheidsplanne ontwikkel vir marienebesoedelingsreaksie in die Antarktiese Verdraggebied, met ingebrip van gebeurlikheidsplanne vir skepe (behalwe klein bote wat deel is van die bedrywighede van vaste terreine of van skepe) wat in die Antarktiese Verdraggebied bedryf word, veral skepe wat olie as vrag vervoer en vir olie lekkasies wat ontstaan uit kusinstallasies, en wat die mariene omgewing binnegaan. Vir hierdie doel moet hulle:

(a) saamwerk met die formulering en implementering van sodanige planne; en

- (b) die advies van die Komitee, die Internasionale Maritieme Organisasie en ander internasionale organisasies gebruik.

2. Die Partye moet ook prosedures daarstel vir samewerkende reaksie op besoedelingsnoodgevalle en moet geskikte stappe ooreenkomstig sodanige prosedures doen.

## ARTIKEL 13

### HERSIENING

Die Partye moet die bepalings van hierdie Aanhangsel en ander maatreëls om besoedeling van die Antarktiese mariene omgewing te voorkom, te verminder en daarop te reageer, met inbegrip van enige wysigings en nuwe regulasies wat kragtens MARPOL 73/78 aanvaar word, voortdurende hersien met die oog daarop om die oogmerke van hierdie Aanhangsel te bereik.

## ARTIKEL 14

### VERBAND MET MARPOL 73/78

Ten opsigte van Partye wat ook Partye by MARPOL 73/78 is, doen niks in hierdie Aanhangsel afbreuk aan die spesifieke regte en verpligtinge daarkragtens nie.

## ARTIKEL 15

### WYSIGING OF VERANDERING

1. Hierdie aanhangsel kan gewysig of verander word deur 'n maatreël wat ooreenkomstig Artikel IX (1) van die Antarktiese Verdrag aanvaar word. Tensy die maatreël anders bepaal, word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en word dit van krag, een jaar na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waartydens dit aanvaar is, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.

2. Enige wysiging of verandering van hierdie Aanhangsel wat in werking tree ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo, tree daarna in werking ten opsigte van enige ander Party wanneer kennisgewing van goedkeuring daarvan deur hom deur die Depositaris ontvang is.

## AANHANGSEL V BY DIE PROTOKOL OOR OMGEWINGSBESKERMING BY DIE ANTARKTIESE VERDRAG

### GEBIEDSBESKERMING EN BESTUUR

## ARTIKEL 1

### WOORDOMSKRYWING

Vir doeleindes van hierdie Aanhangsel beteken:

- (a) **“gepaste owerheid”** enige persoon of liggaam gemagtig deur 'n Party om permitte kragtens hierdie Aanhangsel uit te reik;
- (b) **“permit”** formele skriftelike toestemming uitgereik deur 'n gepaste owerheid;
- (c) **“Bestuursplan”** 'n plan om die bedrywighede te bestuur en die spesiale waarde of waardes in 'n antarktiese Spesiaal beskermde Gebied of 'n Antarktiese Spesiaal Gebied te beskerm.

## ARTIKEL 2

### OOGMERKE

Vir die doeleindes in hierdie Aanhangsel uiteengesit, kan enige gebied, met inbegrip van enige mariene gebied, aangewys word as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied of 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied. Bedrywighede in hierdie Gebiede word verbied, beperk of bestuur ooreenkomstig Bestuursplanne aangeneem kragtens die bepalings van hierdie Aanhangsel.

## ARTIKEL 3

### ANTARKTIESE SPESIAAL BESKERMDE GEBIED

1. Enige gebied, met inbegrip van enige mariene gebied, kan as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied aangewys word om uitstaande omgewings-, wetenskaplike, geskiedkundige, estetiese of wilderniswaardes, enige kombinasie van daardie waardes of deurlopende of beplande wetenskaplike navorsing te beskerm.

2. Party moet poog om, binne 'n stelselmatige omgewingsgeografiese raamwerk, die volgende te identifiseer en in te sluit by die reeks Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebiede—

- (a) gebiede wat onaangeraak gehou word van menslike inmening sodat toekomstige vergelykings moontlik kan wees met plekke wat deur menslike bedrywighede geraak is;
- (b) verteenwoordigende voorbeelde van belangrike land-, met inbegrip van gletser- en akwatiese, ekosisteme en mariene ekosisteme;
- (c) gebiede met belangrike of ongewone versamelings spesies, met inbegrip van belangrike kolonies van telende inheemse voëls of soogdiere;
- (d) die tipelokaliteit of enigste bekende habitat van enige spesie;
- (e) gebiede van besonderhede belang vir deurlopende of beplande wetenskaplike navorsing;
- (f) voorbeelde van uitstaande geologiese, gletserkundige of geomorfologiese kenmerke;
- (g) gebiede van uitstaande estetiese of wilderniswaarde;
- (h) terreine of monumente van erkende geskiedkundige waarde; en
- (i) sodanige ander gebiede as wat geskik kan wees om die waardes in paragraaf 1 hierbo uiteengesit, te beskerm.

3. Spesiaal Beskermde Gebiede en Terreine van Besondere Wetenskaplike Belang wat deur vorige Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergaderings as sodanig aangewys is, word hierby aangewys as Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebiede en moet dienooreenkomstig herbenaam en her-nommer word.

4. Toegang tot 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied is verbode behalwe ooreenkomstig 'n permit kragtens Artikel 7 uitgereik.

## ARTIKEL 4

### ANTARKTIESE SPESIAAL BESTUURDE GEBIEDE

1. Enige gebied, met inbegrip van enige mariene gebied, waar bedrywighede geskied of in die toekoms kan geskied, kan as 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied aangewys word om te help met die bepaling en koördinering van bedrywighede, om moontlike konflikte te vermy, om samewerking tussen Partye te verbeter om omgewingsimpakte te minimeer.

**2. Antarktiese Spesiaal Bestuurder Gebied kan insluit:**

- (a) gebiede waar bedrywighede risiko's van wedersyde inmenging of kumulatiewe omgewingsimpakte laat ontstaan; en
- (b) terreine of monumente van erkende geskiedkundige waarde.

**3. Toegang tot 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurder Gebied vereis nie 'n permit nie.**

**4.** Ondanks paragraaf 3 hierbo, kan 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurder Gebied een of meer Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebiede insluit waartoe toegang verbode is behalwe ooreenkomstig 'n permit kragtens Artikel 7 uitgereik.

**ARTIKEL 5****BESTUURSPLANNE**

**1.** Enige Party, die Komitee, die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing of die Kommissie vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne kan 'n gebied voorstel vir aanwysing as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied of 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied deur 'n beoogde Bestuursplan aan die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering voor te lê.

**2.** Die gebied wat vir aanwysing voorgestel word, moet groot genoeg wees om die waardes te beskerm waarvoor die spesiale beskerming of bestuur verlang word.

**3.** Beoogde Bestuursplanne moet, na gelang gepas is, die volgende insluit:

- (a) 'n Beskrywing van die waarde of waardes waarvoor spesiale beskerming of bestuur verlang word;
- (b) 'n verklaring van die oogmerke en doelwitte van die Bestuursplan vir die beskerming of bestuur van daardie waardes;
- (c) bestuursbedrywighede wat onderneem moet word om die waardes waarvoor spesiale beskerming of bestuur verlang word, te beskerm;
- (d) 'n aanwysingstydperk, indien wel;
- (e) 'n beskrywing van die gebied, met inbegrip van—
  - (i) die geografiese koördinate, grensmerkers en natuurlike eienskappe wat die gebied afbaken;
  - (ii) toegang tot die gebied per land, see of lug, met inbegrip van mariene toegang en ankerplekke, voetganger- en voertuigroetes binne die gebied en lugvaartuigroetes en landingsgebiede;
  - (iii) die ligging van strukture met inbegrip van wetenskaplike stasies, navorsings- of skuilingsfasiliteite, sowel binne die gebied as naby daaraan; en
  - (iv) die ligging in of naby die gebied van ander Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebiede of Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede ingevolge hierdie Aanhangsel aangewys, of ander beskermde gebiede aangewys ooreenkomstig maatreëls wat kragtens ander komponente van die Antarktiese Verdragstelsel aanvaar is;
- (f) die identifikasie van sones binne die gebied waarin bedrywighede verbied, beperk of bestuur moet word vir die doeleindes van die bereiking van die oogmerke en doelwitte in subparagraaf (b) hierbo bedoel;
- (g) kaarte en foto's wat duidelik die grens van die gebied met betrekking tot omringende eienskappe en sleuteleienskappe binne die gebied toon;
- (h) ondersteunende dokumentasie;

- (i) ten opsigte van 'n gebied beoog vir aanwysing as 'n Antarktiese Spesiaal Beskernde Gebied, 'n duidelike beskrywing van die voorwaardes waarop permitte toegestaan kan word deur die gepaste owerheid betreffende—
  - (i) toegang tot en beweging binne of oor die gebied;
  - (ii) bedrywighede wat binne die gebied uitgevoer word of kan word, met inbegrip van beperkings op tyd en plek;
  - (iii) die installasie, modifikasie of verwydering van strukture;
  - (iv) die ligging van veldkampe;
  - (v) beperkings op materiale en organismes wat die gebied ingebring kan word;
  - (vi) die wegneem van of skadelike inmenging met inheemse flora en fauna;
  - (vii) die insameling of verwydering van enigiets wat nie deur die permithouer die gebied ingebring is nie;
  - (viii) die beskikking oor afval;
  - (ix) maatreëls wat nodig kan wees om te verseker dat die oogmerke en doelwitte van die Bestuursplan steeds nagekom kan word;
  - (x) vereistes vir verslae wat aan die gepaste owerheid oorhandig moet word betreffende besoeke aan die gebied;
- (j) ten opsigte van 'n gebied beoog vir aanwysing as 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied, 'n gedragskode betreffende—
  - (i) toegang tot en beweging binne of oor die gebied;
  - (ii) bedrywighede wat binne die gebied uitgevoer word of kan word, met inbegrip van beperkings op tyd en plek;
  - (iii) die installasie, modifikasie of verwydering van strukture;
  - (iv) die ligging van veldkampe;
  - (v) die wegneem van of skadelike inmenging met inheemse flora en fauna;
  - (vi) die insameling of verwydering van enigiets wat nie deur die besoeker die gebied ingebring is nie;
  - (vii) die beskikking oor afval; en
  - (viii) enige vereistes vir verslae wat aan die gepaste owerheid oorhandig moet word betreffende besoeke aan die gebied; en
- (k) bepalinge betreffende die omstandighede waarin Partye moet poog om inligting uit te ruil voor bedrywighede wat hulle beoog om uit te voer.

## ARTIKEL 6

### AANWYSINGSPROSEDURES

1. Beoogde Bestuursplanne moet aan die Komitee, die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing en, indien gepas, aan die Kommissie vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne gestuur word. Bydie formulering van sy advies aan die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering moet die Komitee enige kommentaar verskaf deur die Wetenskaplike Komitee oor Antarktiese Navorsing en, indien gepas, deur die Kommissie vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne in ag neem. Daarna kan Bestuursplanne goedgekeur word deur die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag deur 'n maatreël wat op 'n Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering aanvaar is ooreenkomstig Artikel IX(1) van die Antarktiese Verdrag. Tensy die maatreël anders bepaal, word die Plan geag 90 dae na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waar dit aanvaar is, goedgekeur te wees, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.

2. Met inagneming van die bepalings van Artikels 4 en 5 van die Protokol word geen mariene gebied as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied of 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurder Gebied aangewys nie sonder die voorafgoedkeuring van die Kommissie vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne.
3. Aanwysing as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied of 'n Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied geld vir 'n onbepaalde tyd, tensy die Bestuursplan anders bepaal. 'n Bestuursplan word minstens elke vyf jaar hersien. Die plan word soos nodig bygewerk.
4. Bestuursplanne kan gewysig of herroep word ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo.
5. Na goedkeuring moet Bestuursplanne onverwyld deur die Depositaris aan alle Partye gesirkuleer word. Die Depositaris hou 'n rekord van alle tans goedgekeurde Bestuursplanne by.

## ARTIKEL 7

### PERMITTE

1. Elke Party stel 'n gepaste owerheid aan om permitte uit te reik om 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied binne te gaan en bedrywighede aldaar te begin, ooreenkomstig die vereistes van die Bestuursplan betreffende daardie Gebied. Die permit moet vergesel gaan van die tersaaklike dele van die Bestuursplan en moet die omvang en ligging van die Gebied, die gemagtigde bedrywighede en wanneer, waar en deur wie die bedrywighede gemagtig is en enige ander voorwaardes deur die Bestuursplan opgestel, vermeld.
2. In die geval van 'n Spesiaal Beskermde Gebied deur vorige Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergaderings as sodanig aangewys wat nie 'n Bestuursplan het nie, kan die gepaste owerheid 'n permit uitreik vir 'n noodsaaklike wetenskaplike doel wat nie elders gedien kan word nie en wat nie die natuurlike ekologiese sisteem in daardie gebied in gevaar sal stel nie.
3. Elke Party moet van 'n permithouer vereis om 'n afskrif van die permit te dra terwyl die permithouer in die betrokke Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied is.

## ARTIKEL 8

### GESKIEDKUNDIGE TERREINE EN MONUMENTE

1. Terreine of monumente van erkende geskiedkundige waarde wat as Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebiede of Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede aangewys is, of wat binne sulke gebiede geleë is, moet as Geskiedkundige Terreine en Monumente gelys word.
2. Enige Party kan 'n terrein of monument van erkende geskiedkundige waarde wat nie as 'n Antarktiese Spesiaal Beskermde Gebied of Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied aangewys is nie, of wat nie in sodanige Gebied geleë is nie, voorstel vir lysing as 'n Geskiedkundige Terrein of Monument. Die voorstel vir lysing kandeur die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag goedgekeur word deur 'n maatreël wat op 'n Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering aanvaar is ooreenkomstig Artikel IX(1) van die Antarktiese Verdrag. Tensy die maatreël anders bepaal, word die Plan geag 90 dae na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waar dit aanvaar is, goedgekeur te wees, tensy een of meer van die Oorlegplegende Partye die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.
3. Bestaande Geskiedkundige Terreine en Monumente wat deur vorige Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergaderings as sodanig gelys is, word ingesluit by die lys van Geskiedkundige Terreine en Monumente kragtens hierdie Artikel.
4. Gelyste Geskiedkundige Terreine en Monumente mag nie beskadig, verwyder of vernietig word nie.
5. Die lys van Geskiedkundige Terreine en Monumente kan ooreenkomstig paragraaf 2 hierbo gewysig word. Die Depositaris moet 'n lys van geldige Geskiedkundige Terreine en Monumente byhou.

**ARTIKEL 9****INLIGTING EN PUBLISITEIT**

**1.** Ten einde te verseker dat alle persone wat Antarktiese besoek of beoog om dit te besoek die bepalings van hierdie Aanhangsel verstaan en nakom, moet elke Party inligting beskikbaar stel wat veral die volgende uiteensit:

- (a) die ligging van die Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebiede en Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede;
- (b) lyste en kaarte van daardie Gebiede;
- (c) die Bestuursplanne, met inbegrip van aantekeninge van verbiedinge rakende elke Gebied;
- (d) die ligging van Geskiedkundige Terreine en Monumente en enige tersaaklike verbod of beperking.

**2.** Elke Party moet verseker dat die ligging en, indien moontlik, die perke van Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebiede, Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede en Geskiedkundige Terreine en Monumente op sy topografiese kaarte en hidrografiese kaarte en in ander tersaaklike publikasies getoon word.

**3.** Partye moet saamwerk om te verseker dat, waar van toepassing, die grense van Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebiede, Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede en Geskiedkundige Terreine en Monumente gepas op die terrein gemerk word.

**ARTIKEL 10****UITRUILING VAN INLIGTING**

**1.** Die Partye moet reëlins tref vir—

- (a) die insameling en uitruiling van rekords, met inbegrip van rekords van permitte en verslae van besoeke, insluitende inspeksiebesoeke, aan Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebiede, en verslae van inspeksiebesoeke aan Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede;
- (b) die verkryging en uitruiling van inligting oor enige beduidende verandering of skade aan enige Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebied, Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied of Geskiedkundige Terrein of Monument; en
- (c) die daarstelling van gemeenskaplike vorms waarin hierdie inligting ooreenkomstig paragraaf 2 hieronder deur Partye voorgelê moet word.

**2.** Elke Party moet die ander Partye en die Komitee voor die einde van November van elke jaar in kennis stel van die getal en aard van permitte ingevolge hierdie Aanhangsel uitgereik in die voorafgaande tydperk van 1 Julie tot 30 Junie.

**3.** Elke Party wat navorsing of ander bedrywighede in Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebiede of Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebiede uitvoer, befonds of magtig, moet 'n rekord hou van sodanige bedrywighede en moet in die jaarlikse uitruiling van inligting ooreenkomstig die Antarktiese Verdrag opsommende beskrywings verskaf van die bedrywighede wat in die voorafgaande jaar deur persone onder sy jurisdiksie in sodanige gebiede uitgevoer is.

**4.** Elke Party moet die ander Partye en die Komitee voor die einde van November elke jaar in kennis stel van maatreëls wat hy getref het om hierdie Aanhangsel te implementeer, met inbegrip van terreininspeksie en stappe wat hy gedoen het om gevalle van bedrywighede strydig met die bepalings van die goedgekeurde Bestuursplan vir 'n Antarktiese Spesiaal Beskermdde Gebied of Antarktiese Spesiaal Bestuurde Gebied te hanteer.

**ARTIKEL 11****NOODGEVALLE**

1. Die beperkings bepaal en gemagtig by hierdie Aanhangsel is nie van toepassing nie in noodgevalle met betrekking tot die veiligheid van menselewens of van skepe, lugvaartuie of toerusting en fasiliteite met 'n hoë waarde, of die beskerming van die omgewing.
2. Kennis van bedrywighede wat in noodgevalle onderneem is, moet onmiddellik aan alle Partye en aan die Komitee gesirkuleer word.

**ARTIKEL 12****WYSIGING OF VERANDERING**

1. Hierdie Aanhangsel kan gewysig of verander word deur 'n maatreël wat ooreenkomstig Artikel IX(1) van die Antarktiese Verdrag aanvaar word. Tensy die maatreël anders bepaal, word die wysiging of verandering geag goedgekeur te wees, en word dit van krag, een jaar na die afsluiting van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Vergadering waartydens dit aanvaar is, tensy een of meer van die Antarktiese Verdrag Oorlegplegende Partye die Depositaris binne daardie tydperk in kennis stel dat hy 'n verlenging van die tydperk verlang of dat hy nie die maatreël kan goedkeur nie.
2. Enige wysiging of verandering van hierdie Aanhangsel wat in werking tree ooreenkomstig paragraaf 1 hierbo, tree in werking ten opsigte van enige ander Party wanneer kennisgewing van goedkeuring daarvan deur hom deur die Depositaris ontvang is.

**ITEM III VAN BYLAE 1 TOT DIE WET OP ANTARKTIESE VERDRAE, 1996****KONVENSIE VIR DIE BEWARING VAN ANTARKTIESE ROBBE**

Nademaal die Kontrakterende Partye,

- Gedagte aan** die Ooreengekome Maatreëls ter Bewaring van Antarktiese Fauna en Flora, aangeneem kragtens die Antarktiese Verdrag geteken op 1 Desember 1959 t Washington;
- Onder di besef van** die algemene besorgdheid oor die kwesbaarheid van Antarktiese robbe vir kommersiële eksploitasie en die deurlopende behoefte aan doeltreffende bewaringsmaatreëls;
- Erken** dat die Antarktiese robbe 'n belangrike lewende hulpbron in die mariene omgewing is wat 'n inter-nasionale ooreenkoms vir die doeltreffende bewaring daarvan vereis;
- Erken** dat hierdiep hulpbron nie uitgeput moet word deur ooreksplorasie nie, en dat die oes daarvan derhalwe gereguleer moet word sodat die vlakke van die optimale volhoubare oes opbrengs nie oorskry word nie;
- Erken** dat, ten einde wetenskaplike kennis te verbeter en eksploitasie op so 'n rasonale grondslag te plaas, alles moontlik gedoen moet word om biologiese en ander navorsing oor Antarktiese robbevolkings aan te moedig en om inligting uit sodanige navorsing en uit die statistieke van toekomstige robbejagoperasies te verkry, sodat verdere gepaste regulasies geformuleer kan word;
- Kennis neem** daarvan dat die Wetenskaplike Komitee vir Antarktiese Navorsing (SCAR) van die Internasionale Raad van Wetenskaplike Unies bereid is om die take te verrig wat in hierdie Konvensie van hom gevra word;
- Begerig is** om die doelwit van die beskerming, wetenskaplike bestudering en rasonale gebruik van Antarktiese robbe te bevorder en te bereik en om 'n bevredigende balans binne die ekosisteem te handhaaf,

Het hulle soos volg ooreengekom:

## ARTIKEL 1

### OMVANG

(1) Hierdie Konvensie is van toepassing op die seë suid van 60° suiderbreedte, ten opsigte waarvan die Kontrakterende Partye die bepalings van Artikel IV van die Antarktiese Verdrag onderskryf.

(2) Hierdie Konvensie kan op enige van of al die volgende spesies van toepassing wees:

Suidelike olifantrob *Mirounga leonina*;

Luiperdrob *Hydrurga leptonyx*;

Weddellrob *Leptonychotes weddelli*;

Krapeterrob *Lobodo carcinophagus*;

Ross-robl *Ommatophoca rossi*;

Suidelike pelsrobbe *Arctocephalus sp.*

(3) Die Aanhangsel by hierdie Konvensie maak 'n integrerende deel daarvan uit.

## ARTIKEL 2

### IMPLEMENTERING

(1) Die Kontrakterende Partye kom ooreen dat die robspesies in Artikel 1 genoem, nie binne die Konvensiegebied deur hulle burgers of vaartuie onder hulle onderskeie vlae doodgemaak of gevang mag word nie, behalwe ooreenkomstig hierdie Konvensie.

(2) Elke Kontrakterende Party moet vir sy burgers en vir vaartuie onder sy vlag sodanige wette en regulasies aanneem en ander maatreëls tref, met inbegrip van 'n geskikte permitstelsel, as wat nodig is om hierdie Konvensie toe te pas.

## ARTIKEL 3

### MAATREËLS IN DIE AANHANGSEL

(1) Hierdie Konvensie sluit 'n Aanhangsel in wat die maatreël wat die Kontrakterende Partye hiermee aanneem, uiteensit. Kontrakterende Partye kan van tyd tot tyd in die toekoms ander maatreëls aanneem ten opsigte van die bewaring, wetenskaplike studie en die rasonale en humane gebruik van robhulpbronne en onder andere die volgende voorskryf:

(a) Toelaatbare vangs;

(b) beskermde en onbeskermde spesies;

(c) oop en toe seisoene;

(d) oop en toe gebiede, met inbegrip van die aanwysing van reservate;

(e) die aanwysing van spesial gebiede waar daar geen versteuring van robbe mag wees nie;

(f) beperkings betreffende geslag, grootte of ouderdom vir elke spesie;

(g) beperkings betreffende die tyd van die dag en die duur, beperking van optrede en metodes van robbejag;

- (h) tipes en spesifikasies van uitrusting en apparaat en toestelle wat gebruik mag word;
- (i) vangsopgawes en ander statistiese en biologiese rekords;
- (j) prosedures vir die fasilitering van die beskouing en evaluering van wetenskaplike inligting;
- (k) ander regulerende maatreëls, met inbegrip van 'n effektiewe inspeksiestelsel.

(2) Die maatreël kragtens paragraaf (1) van hierdie Artikel aangeneem, word op die beste beskikbare wetenskaplike en tegniese gegewens gebaseer.

(3) Die Aanhangsel kan van tyd tot tyd ooreenkomstig die prosedures waarvoor in Artikel 9 voorsiening gemaak word, gewysig word.

## **ARTIKEL 4**

### **Spesiale Permitte**

(1) Ondanks die bepalinge van hierdie Konvensie kan enige Kontrakterende Party permitte uitreik om robbe in beperkte getalle en ooreenkomstig die oogmerke en beginsels van hierdie Konvensie te vang of dood te maak vir die volgende doeleindes:

- (a) Om onontbeerlike voedsel vir mense of honde te voorsien;
- (b) om vir wetenskaplike navorsing voorsiening te maak;
- (c) om eksemplare vir museums, opvoedkundige of kulturele instellings te voorsien.

(2) Elke Kontrakterende Party moet so gou moontlik die ander Kontrakterende Partye en SCAR inlig van die doel en inhoud van alle permitte kragtens paragraaf (1) van hierdie Artikel uitgereik en daarna oor die aantal robbe kragtens daardie permitte doodgemaak of gevang.

## **ARTIKEL 5**

### **UITRUIL VAN INLIGTING EN WETENSKAPLIKE ADVIES**

(1) Elke Kontrakterende Party moet, binne die tydperk in die Aanhangsel aangedui, aan die ander Kontrakterende Partye en aan SCAR die inligting voorsien in die Aanhangsel gespesifiseer.

(2) Elke Kontrakterende Party moet ook aan die ander Kontrakterende Partye en aan SCAR voor 31 Oktober elke jaar inligting voorsien oor enige stappe wat hy ooreenkomstig Artikel 2 van hierdie Konvensie gedurende die voorafgaande tydperk van 1 Julie tot 30 Junie gedoen het.

(3) Kontrakterende Partye wat geen inligting bedoel in die twee voorgaande paragrawe het om te voorsien nie, moet dit voor 31 Oktober elke jaar amptelik aandui.

(4) SCAR word genooi—

- (a) om inligting ooreenkomstig hierdie Artikel ontvang, te evalueer; om die uitruil van wetenskaplike data en inligting tussen die Kontrakterende Partye aan te moedig; om programme vir wetenskaplike navorsing aan te beveel; om die statistiese en biologiese data wat deur robbejagekspedisies binne die Konvensiegebied ingesamel moet word, aan te beveel; en om wysigings van die Aanhangsel voor te stel; en
- (b) om op grond van die statistiese, biologiese en ander beskikbare gegewens te rapporteer wanneer die oes van enige robspesie in die Konvensiegebied 'n beduidend skadelike uitwerking op die totale getalle van sodanige spesie of op die ekosisteem op enige bepaalde plek het.

(5) SCAR word genooi om die Depositaris, wat aan die Kontrakterende Partye moet rapporteer, in kennis te stel wanneer SCAR in enige robbejagseisoen beraam dat die toelaatbare vangspeserke vir enige spesie waarskynlik oorskry gaan word en om, in daardie geval, 'n raming van die datum waarop die toelaatbare vangspeserke bereik sal word, te voorsien. Elke Kontrakterende Partye moet dan die nodige stappe doen om sy burgers en vaartuie onder sy vlak te verhoed om robbe van daardie spesie na die beraamde datum dood te maak of te vang, tot tyd en wyl die Kontrakterende Partye anders besluit.

(6) Indien nodig kan SCAR die Voedsel- en Landbou-Organisasie van die Verenigde Nasies versoek om tegniese bystand te verleen wanneer hy sy evalueringe doen.

(7) Ondanks die bepalings van paragraaf (1) van Artikel 1 moet die Kontrakterende Partye, ooreenkomstig hulle binnelandse reg, aan mekaar en aan SCAR, vir oorweging, statistieke rapporteer betreffende die Antarktiese robbe in paragraaf (2) van Artikel 1 gelys wat deur hulle burgers of vaartuie onder hulle onderskeie vlake in die gebied van drywende see-ys noord van 60° suiderbreedte doodgemaak of gevang is.

## ARTIKEL 6

### OORLEGPLEGING TUSSEN KONTRAKTERENDE PARTYE

(1) Te eniger tyd nadat kommersiële robbejag begin het, kan 'n Kontrakterende Partye deur die Depositaris voorstel dat 'n vergadering van Kontrakterende Partye belê word met die oog op—

- (a) die instelling, met 'n tweederdemeerderheid van die Kontrakterende Partye, met inbegrip van die instemmende stemme van al die ondertekenaarstate van hierdie Konvensie teenwoordig op die vergadering, van 'n doeltreffende stelsel van beheer, met inbegrip van inspeksie, oor die implementering van die bepalings van hierdie Konvensie;
- (b) die instelling van 'n kommissie om sodanige funksies as wat die Kontrakterende Partye nodig ag, kragtens hierdie Konvensie te verrig; of
- (c) die oorweging van ander voorstelle, met inbegrip van—
  - (i) die verskaffing van onafhanklike wetenskaplike advies;
  - (ii) die instelling, met 'n tweederdemeerderheid, van 'n wetenskaplike advieskomitee aan wie sommige van of al die funksies wat kragtens hierdie Konvensie van SCAR verlang word, toegewys kan word, indien kommersiële robbejag beduidende afmetings aanneem;
  - (iii) die uitvoer van wetenskaplike programme met die deelname van die Kontrakterende Partye; en
  - (iv) die tref van verdere regulatoriese maatreëls, met inbegrip van moratoria.

(2) Indien een derde van die Kontrakterende Partye daartoe instem, belê die Depositaris so gou moontlik sodanige vergadering.

(3) 'n Vergadering moet op versoek van enige Kontrakterende Partye gehou word indien SCAR rapporteer dat die oes van enige Antarktiese robbespesie in die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, 'n beduidend skadelike uitwerking op die totale getalle robbe of op die ekosisteem op enige bepaalde plek het.

## ARTIKEL 7

### WERKING

Die Kontrakterende Partye kom binne vyf jaar na die inwerkingtreding van hierdie Konvensie byeen en ten minste elke vyf jaar daarna om die werking van die Konvensie in oënskou te neem.

**ARTIKEL 8****WYSIGING VAN DIE KONVENSIE**

- (1) Hierdie Konvensie kan te eniger tyd gewysig word. Die teks van enige wysiging wat deur 'n Kontrakterende Party voorgestel word, word aan die Depositaris voorgelê, wat dit aan al die Kontrakterende Partye deurstuur.
- (2) Indien een derde van die Kontrakterende Partye 'n vergadering aanvra om die voorgestelde wysiging te bespreek, moet die Depositaris sodanige vergadering belê.
- (3) 'n Wysiging tree in werking wanneer die Depositaris oorkondes van bekragtiging of aanvaarding daarvan van al die Kontrakterende Partye verkry het.

**ARTIKEL 9****WYSIGING VAN DIE AANHANGSEL**

- (1) Enige Kontrakterende Party kan wysigings aan die Aanhangsel van hierdie Konvensie voorstel. Die teks van enige sodanige voorgestelde wysiging word aan die Depositaris voorgelê, wat dit aan al die Kontrakterende Partye deurstuur.

(2) Elke sodanige voorgestelde wysiging tree vir alle Kontrakterende Partye in werking ses maande na die datum wat op die kennisgewing van die Depositaris aan die Kontrakterende Partye verskyn, indien daar binne 120 dae na die kennisgewingdatum geen beswaar ontvang is nie en twee derdes van die Kontrakterende Partye die Depositaris skriftelik van hulle goedkeuring in kennis gestel het.

(3) Indien 'n beswaar van enige Kontrakterende Party binne 120 dae na die kennisgewing ontvang is, word die saak deur die Kontrakterende Partye op hulle volgende vergadering oorweeg. Indien eenstemmigheid oor die saak nie op die volgende vergadering bereik word nie, moet die Kontrakterende Partye die Depositaris binne 120 dae vanaf die datum van die afsluiting van die vergadering in kennis stel van hulle goedkeuring of verwerping van die oorspronklike wysiging of van enige nuwe wysiging wat deur die vergadering voorgestel is. Indien twee derdes van die Kontrakterende Partye teen die einde van hierdie tydperk sodanige wysiging goedgekeur het, tree dit in werking ses maande vanaf die datum van die afsluiting van die vergadering vir die Kontrakterende Partye wat teen daardie tyd hulle goedkeuring gegee het.

(4) Enige Kontrakterende Party wat teen 'n voorgestelde wysiging beswaar gemaak het, kan te eniger tyd daardie beswaar terugtrek, en die voorgestelde wysiging tree onmiddellik ten opsigte van sodanige Party in werking indien die wysiging reeds in werking is, of op sodanige tyd as wat dit kragtens hierdie Artikel in werking tree.

(5) Die Depositaris stel elke Kontrakterende Party onmiddellik in kennis by ontvangs van elke goedkeuring of beswaar, van elke terugtrekking van beswaar en van die inwerkingtreding van enige wysiging.

(6) Enige Staat wat 'n Party by hierdie Konvensie word nadat 'n wysiging van die Aanhangsel in werking getree het, word gebind deur die Aanhangsel soos aldus gewysig. Enige Staat wat 'n Party by hierdie Konvensie word gedurende die tydperk wanneer 'n voorgestelde wysiging hangend is, kan binne die tydsbeperkings van toepassing op ander Kontrakterende Partye sodanige wysiging goedkeur of daarteen beswaar maak.

**ARTIKEL 10****ONDERTEKENING**

Hierdie Konvensie is van 1 Junie tot 31 Desember 1972 te Londen oop vir ondertekening deur State wat deelneem aan die Konferensie oor die Bewaring van Antarktiese Robbe, gehou te Londen van 3 tot 11 Februarie 1972.

**ARTIKEL 11****BEKRAGTIGING**

Hierdie Konvensie is aan bekragtiging of aanvaarding onderworpe. Bekragtigungs- of aanvaardings-oorkondes word ingedien by die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord-Ierland, wat hierby as die Depositaris aangewys word.

**ARTIKEL 12****TOETREDE**

Hierdie Konvensie is oop vir toetrede deur enige Staat wat met die toestemming van die Kontrakterende Partye genooi word om tot hierdie Konvensie toe te tree.

**ARTIKEL 13****INWERKINGTREDING**

(1) Hierdie Konvensie tree op die dertigste dag na die datum van indiening van die sewende bekragtigungs- of aanvaardingsoorkonde in werking.

(2) Daarna tree hierdie Konvensie in werking vir elke bekragtigende, aanvaardende of toetredende Staat op die dertigste dag na indiening deur daardie staat van sy oorkonde van bekragtiging, aanvaarding of toetrede.

**ARTIKEL 14****ONTTREKKING**

Enige Kontrakterende Party kan hom op 30 Junie van enige jaar aan hierdie Konvensie onttrek deur voor of op 1 Januarie van dieselfde jaar aan die Depositaris kennis te gee, wat by ontvangs van sodanige kennisgewing onverwyld die ander Kontrakterende Partye daarvan in kennis stel. Enige ander Kontrakterende Party kan op dieselfde wyse binne een maand na ontvangs van 'n afskrif van sodanige kennisgewing van die Depositaris kennis gee van onttrekking, sodat die Konvensie op 30 Junie van dieselfde jaar ophou om met betrekking tot die Kontrakterende Partye wat aldus kennis gee, van krag te wees.

**ARTIKEL 15****KENNISGEWINGS DEUR DIE DEPOSITARIS**

Die Depositaris moet alle ondertekende en toetredende State van die volgende in kennis stel:

- (a) Ondertekenings van hierdie Konvensie, die indiening van oorkondes van bekragtiging, aanvaarding of toetrede en kennisgewings van onttrekking;
- (b) die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie en van ander enige wysigings daaraan of aan die Aanhangsel daarvan.

**ARTIKEL 16****GESERTIFISEERDE AFSKRIFTE EN REGISTRASIE**

(1) Hierdie Konvensie, opgestel in Engels, Frans, Russies en Spaans, waarvan al die tekste ewe outentiek is, moet ingedien word by die argief van die Regering van die Verenigde Koninkryk van Groot-Brittanje en Noord Ierland, wat behoorlik gesertifiseerde afskrifte daarvan aan alle ondertekende en toetredende State moet stuur.

(2) Hierdie Konvensie moet deur die Depositaris ooreenkomstig Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Nasies geregistreer word.

TEN BEWYSE WAARVAN die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

GEDOEN te London, hierdie 1ste dag van Junie 1972.

**AANHANGSEL****1. Toelaatbare vangs**

Die Kontrakterende Partye moet elke jaar, wat strek van 1 Julie tot en met 30 Junie, die totale getal robbe van elke spesie wat doodgemaak of gevang word, beperk tot die getalle hieronder gespesifiseer. Hierdie getalle is onderworpe aan hersiening in die lig van wetenskaplike evaluering:

- (a) in die geval van krapeterobbe *Lobodon carcinophagus*, 175,000;
- (b) in die geval van luiperdrobbe *Hydrurga leptonyx*, 12,000;
- (c) in die geval van Weddellrobbe *Leptonychotes weddelli*, 5,000.

**2. Beskermende spesies**

(a) Dit is verbode om Ross-robbe *Ommatophoca rossii*, suidelike olifantrobbe *Mirounga leonina*, of pelsrobbe van die genus *Arctocephalus* dood te maak of te vang.

(b) Ten teinde die volwasse teelrobbe te beskerm gedurende die tydperk wanneer hulle die meeste gekonsentreerd en weerloos is, is dit verbode om enige Weddellrobbe *Leptonychotes weddelli* wat een jaar of ouer is, tussen 1 September tot en met 31 Januarie dood te maak of te vang.

**3. Geslote seisoen en robbejagseisoen**

Die tydperk tussen 1 Maart tot en met 31 Augustus is 'n geslote seisoen waartydens die doodmaak of van van robbe verbode is. Die tydperk van 1 September tot die laaste dag van Februarie maak 'n robbejagseisoen uit.

**4. Robbejagseisoen**

Elke van die robbejagsones in hierdie paragraaf gelys, word in numeriese volgorde gesluit vir alle robbejagbedrywighede vir die robspesies gelys in paragraaf 1 van hierdie Aanhangsel vir die tydperk van 1 September tot en met die laaste dag van Februarie. Sodanige sluitings begin met dieselfde sone as wat gesluit word kragtens paragraaf 2 van Byvoegsel B by Byvoegsel 1 van die Verslag van die Vyfde Oorlegplegende Antarktiese Verdragsvergadering op die tydstip waarop die Konvensie in werking tree. By verstryking van sodanige geslote tydperk, heropen die betrokke sone:

Sone 1—tussen 60° en 120° westerlengte.

Sone 2—tussen 0° en 60° westerlengte, saam met deel van die Weddellsee van Wes van 60° westerlengte lê.

Sone 3—tussen 0° en 70° oosterlengte.

Sone 4—tussen 70° en 130° oosterlengte.

Sone 5—tussen 130° oosterlengte en 170° westerlengte.

Sone 6—tussen 120° en 170° westerlengte.

## 5. Robreservate

Die is verbode om robbe dood te maak of te vang in die volgende reservate, wat robteelgebiede of persele vir langtermyn-wetenskaplike navorsing is:

- (a) Die gebied rondom die Suid-Orkney-eilande tussen 60°20' en 60°56' suiderbreedte en 44°05' en 46°25' westerlengte.
- (b) die gebiede van die suidwestelike Ross-see suid van 76° suiderbreedte en Wes van 170° oosterlengte.
- (c) Die gebied van die Edisto-inham Suid en Wes van 'n lyn getrek tussen Kaap Hallet op 72°19' suiderbreedte, 170°18' oosterlengte, en Helm-punt, op 72°11' suiderbreedte, 170°00' oosterlengte.

## 5. Uitrui van inligting

(a) Kontrakterende Partye moet voor 31 Oktober elke jaar aan ander Kontrakterende Partye en aan SCAR 'n samevatting voorsien van statistiese inligting oor alle robbe doodgemaak of gevang deur hulle burgers en vaartuie onder hulle verskeie vlae in die Konvensiegebied, ten opsigte van die voorafgaande tydperk van 1 Julie tot 30 Junie. Hierdie inligting moet die volgende persone en per maand insluit:

- (i) Die bruto en netto tonnemaat, remperdekrag, getal bemanningslede en getal bedryfsdae van vaartuie onder die vlag van die Kontrakterende Party;
- (ii) Die geval volwasse individue en klein robbe van elke spesie wat geneem is. Wanneer spesifiek daarom gevra, moet hierdie inligting voorsien word ten opsigte van elke skip saam met die daaglikse posisie daarvan teen twaalfuur middag op elke bedryfsdag, en die vangs vir daardie dag.

(b) Wanneer 'n bedryf begin is, moet verslae van die getalle robbe van elke spesie wat in elke sone doodgemaak of gevang is aan SCAR gelewer word, in die vorm en met die tussenposes (minstens een week) wat deur dié liggaam versoek word.

(c) Kontrakterende Partye moet aan SCAR biologiese inligting voorsien, veral:

- (i) Geslag.
- (ii) Reproduksietoestand.
- (iii) Ouderdom.

SCAR kan, met die goedkeuring van die Kontrakterende Partye, bykomende inligting of materiaal vereis.

(d) Kontrakterende Partye moet inligting oor beoogde robbejagekspedisies minstens 30 dae voor vertrek uit hulle tuishawens aan ander Kontrakterende Partye en ander SCAR voorsien.

## 7. Robbejagmetodes

(a) SCAR word versoek om verslag te doen oor metodes van robbejar en om aanbevelings te doen met die oog daarop om te verseker dat die doodmaak of vang van robbe vinning, pynloos en doeltreffend is. Kontrakterende Partye moet, soos van toepassing, reëls aanneem vir hulle burgers en vaartuie onder hulle onderskeie vlae wat betrokke is by die doodmaak en vang van robbe, met behoorlike inagneming van die standpunte van SCAR.

(b) In die lig van die beskikbare wetenskaplike en tegniese data kom Kontrakterende Partye ooreen om toepaslike stappe te doen om te verseker dat hulle burgers en vaartuie onder hulle onderskeie vlae hulle daarvan weerhou om robbe in die water dood te maak en te vang, behalwe in beperkte getalle om voorsiening te maak vir wetenskaplike navorsing ooreenkomstig die oogmerke en beginsels van hierdie Konvensie. Sodanige navorsing sluit studies in oor die effektiwiteit van robbejagmetodes uit die oogpunt van die bestuur van humane en rasonale benutting van die Antarktiese robhulpbronne vir bewaringsdoeleindes. Die onderneem en resultate van enige sodanige wetenskaplike navorsingsprogram word aan SCAR en die Depositaris bekendgemaak, wat dit dan aan die Kontrakterende Partye moet oordra.

**ITEM IV VAN BYLAE 1 TOT DIE WET OP ANTARKTIESE VERDRAE, 1996****KONVENSIË OOR DIE BEWARING VAN ANTARKTIESE MARIENE LEWENDE HULPBRONNE**

Nademaal die Kontrakterende Partye,

**Besef** hoe belangrik dit is om die omgewing te beveilig en om die integriteit van die ekosisteem van die see rondom Antarktika te beskerm;

**Kennis neem** van die konsentrasie van marine lewende hulpbronne wat in Antarktiese waters voorkom en van die verhoogde belangstelling in die moontlikhede wat die benutting van hierdie hulpbronne as 'n bron van proteïene bied;

**Bewus is** van die dringendheid daarvan om die bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne te verseker;

**Van mening is** dat dit noodsaaklik is om kennis van die Antarktiese mariene ekosisteem en die komponente daarvan te vergroot ten einde besluite aangaande oes op gesonde wetenskaplike inligting te kan baseer;

**Oortuig is** van die bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne internasionale samewerking vereis, met behoorlike inagneming van die bepalinge van die Antarktiese Verdrag en met die aktiewe betrokkenheid van alle State wat betrokke is by navorsing of oesbedrywighede in Antarktiese waters;

**Erkenning verleen** aan die primêre verantwoordelikhede van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag ten opsigte van die beskerming en behoud van die Antarktiese omgewing en, in die besonder, hulle verantwoordelikhede kragtens artikel IX, paragraaf 1 (f), van die Antarktiese Verdrag ten opsigte van die behoud en bewaring van lewende hulpbronne in Antarktika;

**Gedagtig is** aan die stappe wat die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag reeds gedoen het, met inbegrip van veral die Ooreenkomse Maatreëls ter Bewaring van Antarktiese Fauna en Flora, en die bepalinge van die Konvensie vir die Bewaring van Antarktiese Robbe;

**Gedagtig is** aan die besorgdheid aangaande die bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne uitgespreek by die Negende Oorlegplegende Antarktiese Verdragsvergadering deur die Oorlegplegende Partye en aan die belangrikheid van die bepalinge van Aanbeveling IX-2 wat tot die daarstelling van hierdie Konvensie gelei het;

**Oortuig is** dat dit in belang van die hele mensdom is om die waters rondom die Antarktiese vasteland vir slegs vreedsame doeleindes te beskerm en om te verhoed dat dit die toneel of onderwerp van 'n internasionale twis word;

**Erken,** in die lig van die voorgaande, dat dit wenslik is om 'n geskikte meganisme daar te stel vir die aanbeveling en bevordering van, besluitneming oor en die koördinering van die maatreëls en wetenskaplike studies wat nodig is om die bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne te verseker;

So is dit dat die Partye soos volg ooreengekom het:

**ARTIKEL I**

**1.** Hierdie Konvensie is van toepassing op die Antarktiese mariene lewende hulpbronne van die gebied suid van 60° suiderbreedte en op die Antarktiese mariene lewende hulpbronne van die gebied tussen daardie breedtegraad en die Antarktiese konvergensie wat deel van die Antarktiese mariene ekosisteem uitmaak.

**2.** Antarktiese mariene lewende hulpbronne beteken die bevolkings van egte vis, weekdiere, skaaldiere en alle ander spesies lewende organismes, insluitende voëls, wat suid van die Antarktiese konvergensie aangetref word.

**3.** Die Antarktiese mariene ekosisteem beteken die geheel van verhoudinge van Antarktiese mariene lewende hulpbronne met mekaar en met hulle fisiese omgewing.

**4.** Die Antarktiese konvergensie word geag 'n lyn te wees wat die volgende punte op breedte-sirkels en lengtesirkels verbind:

50° S, 0°; 50° S, 30° O; 45° S, 30° O; 45° S, 80° O; 55° S, 80° O; 55° S, 150° O; 60° S, 150° O; 60° S, 50° W; 50° S, 0°.

## ARTIKEL II

**1.** Die oogmerk van hierdie Konvensie is die bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne.

**2.** Vir doeleindes van hierdie Konvensie sluit die begrip "bewaring" rasonale gebruik in.

**3.** Enige oes- en verwante bedrywighede in die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, geskied ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Konvensie en die volgende beginsels van bewaring:

- (a) Die voorkoming van 'n afname in die grootte van enige geoeste bevolking tot vlakke laer as dié wat die stabiele aanvulling daarvan verseker, vir welke doel die grootte nie toegelaat mag word om te daal tot onder 'n vlak naby aan dié wat die grootste netto jaarlikse aanwas verseker nie;
- (b) die instandhouding van die ekologiese verwantskappe tussen geoeste, afhanklike en verwante bevolkings van Antarktiese mariene lewende hulpbronne en die herstel van uitgedunde bevolkings tot die vlakke omskryf in paragraaf (a) hierbo; en
- (c) die voorkoming van verandering of die minimering van die risiko van veranderinge in die mariene ekosisteem wat nie potensieel oor twee of drie dekades omkeerbaar is nie, met inagneming van die stand van beskikbare kennis oor die direkte en indirekte impak van oes, die uitwerking van die invoering van vreemde spesies, die uitwerking van verwante bedrywighede op doel om die volgehoue bewaring van Antarktiese mariene lewende hulpbronne moontlik te maak.

## ARTIKEL III

Die Kontrakterende Partye, hersy hulle Partye by die Antarktiese Verdrag is al dan nie, kom ooreen dat hulle nie in die Antarktiese Verdragsgebied sal meedoen aan enige bedrywighede wat strydig is met die beginsels en oogmerke van daardie Verdrag nie en dat, in hulle verhoudinge met mekaar, hulle gebind word deur die verpligtinge vervat in Artikels I en V van die Antarktiese Verdrag.

## ARTIKEL IV

**1.** Ten opsigte van die Antarktiese Verdragsgebied word alle Kontrakterende Partye, hetsy hulle Partye by die Antarktiese Verdrag is al dan nie, in hulle verhoudinge met mekaar gebind deur Artikels IV en VI van die Antarktiese Verdrag.

**2.** Niks in hierdie Konvensie en geen handeling of bedrywighede wat plaasvind terwyl hierdie Konvensie van krag is—

- (a) maak 'n grond uit vir die uitoefening, ondersteuning of ontkenning van 'n aanspraak op territoriale soewereiniteit in die Antarktiese Verdragsgebied of skep enige regte van soewereiniteit in die Antarktiese Verdragsgebied nie;
- (b) word vertolk as 'n opsegging of vermindering van die kant van enige Kontrakterende Party van, of as 'n korting van, enige reg of aanspraak of grond vir 'n aanspraak om, binne die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, ingevolge die internasionale reg kusstaatjurisdiksie uit te oefen nie;
- (c) word vertolk as 'n aantasting van die posisie van enige Kontrakterende Party met betrekking tot sy erkenning of nie-erkenning van enige sodanige reg, aanspraak of grond vir aanspraak nie;

- (d) beïnvloed die bepaling van Artikel IV, paragraaf 2, van die Antarktiese Verdrag nie, wat lui dat geen nuwe aanspraak, of uitbreiding van 'n bestaande aanspraak, op territoriale soewereiniteit in Antarktika gemaak mag word terwyl die Antarktiese Verdrag van krag is nie.

## ARTIKEL V

1. Die Kontrakterende Partye wat nie Partye by die Antarktiese Verdrag is nie, erken die spesiale verpligtinge en verantwoordelikhede van die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag ten opsigte van die beskerming en behoud van die omgewing van die Antarktiese Verdragsgebied.

2. Die Kontrakterende Partye wat nie Partye by die Antarktiese Verdrag is nie, stem in om, in hulle bedrywighede in die Antarktiese Verdragsgebied, soos en wanneer gepas, die Ooreengekome Maatreëls ter Bewaring van Antarktiese Fauna en Flora na te kom, asook sodanige ander maatreëls as wat deur die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag aanbeveel is ter nakoming van hulle verantwoordelikheid ten opsigte van die beskerming van die Antarktiese omgewing teen alle vorme van skadelike menslike inmenging.

3. Vir die doeleindes van hierdie Konvensie beteken "Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag" die Kontrakterende Partye by die Antarktiese Verdrag wie se Verteenwoordigers deelneem aan vergaderings ingevolge Artikel IX van die Antarktiese Verdrag.

## ARTIKEL VI

Niks in hierdie Konvensie doen afbreuk aan die regte en verpligtinge van Kontrakterende Partye ingevolge die Internasionale Konvensie vir die Regulering van Walvisjag en die Konvensie vir die Bewaring van Antarktiese Robbe nie.

## ARTIKEL VII

1. Die Kontrakterende Partye stel hierby die Kommissie vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne (hierna "die Kommissie" genoem) in, en kom ooreen om hierdie Kommissie in stand te hou.

2. Lidmaatskap van die Kommissie is soos volg:

- (a) Elke Kontrakterende Party wat deelgeneem het aan die vergadering waarop hierdie Konvensie aangeneem is, is 'n Lid van die Kommissie.
- (b) Elke Staatparty wat tot hierdie Konvensie toegetree het ingevolge Artikel XXIX, is daarop geregtig om 'n Lid van die Kommissie te wees gedurende sodanige tyd as wat daardie toetredende Party besig is met navorsings- of oesbedrywighede ten opsigte van die mariene lewende hulpbronne waarop hierdie Konvensie van toepassing is.
- (c) Elke streekorganisasie vir ekonomiese integrasie wat ingevolge Artikel XXIX tot hierdie Konvensie toegetree het, is daarop geregtig om 'n Lid van die Kommissie te wees gedurende sodanige tyd as wat sy Staatslede aldus geregtig is.
- (d) 'n Kontrakterende party wat ingevolge subparagrafe (b) en (c) hierbo aan die werk van die Kommissie wil deelneem, moet die Depositaris in kennis stel van die grondslag waarop hy 'n Lid van die Kommissie wil word en van sy gewilligheid om bewaringsmaatreëls wat van krag is, te aanvaar. Die Depositaris moet aan elke Lid van die Kommissie wil word en van sy gewilligheid om bewaringsmaatreëls wat van krag is, te aanvaar. Die Depositaris moet aan elke Lid van die Kommissie sodanige kennisgewing en gepaardgaande inligting oordra. Binne twee maande na ontvangs van sodanige kommunikasie deur die Depositaris kan enige Lid van die Kommissie versoek dat 'n spesiale

vergadering van die Kommissie gehou word om die aangeleentheid te oorweeg. By ontvangs van sodanige versoek moet die Depositaris sodanige vergadering belê. As daar geen versoek om 'n vergadering is nie, word die Kontrakterende Party wat die kennisgewing voorgelê het, geag aan die vereistes vir Kommissielidmaatskap te voldoen het.

**3.** Elke Lid van die Kommissie word verteenwoordig deur een verteenwoordiger, wat deur sekondusse en raadgewers bygestaan kan word.

### ARTIKEL VIII

Die Kommissie het regs persoonlikheid en geniet in die gebied van elk van die Staatpartye sodanige regsbevoegdheid as wat nodig is om sy werksaamhede te verrig en om die oogmerke van hierdie Konvensie te bereik. Die voorregte en immuniteite wat die Kommissie en sy personeel in die gebied van 'n Staatparty geniet, word by ooreenkoms tussen die Kommissie en die betrokke Staatparty bepaal.

### ARTIKEL IX

**1.** Die werksaamhede van die Kommissie is om uitvoering te gee aan die oogmerk en beginsels uiteengesit in Artikel II van hierdie Konvensie. Te dien einde moet die Kommissie—

- (a) navorsing en omvattende studies oor Antarktiese mariene lewende hulpbronne en oor die Antarktiese mariene ekosisteem fasiliteer;
- (b) data saamstel oor die status van en veranderinge in die bevolkings van Antarktiese mariene lewende hulpbronne, en oor faktore wat die verspreiding, talrykheid en produktiwiteit van geoeste spesies en afhanklike of verwante spesies of bevolkings beïnvloed;
- (c) die verkryging van statistieke oor geoeste bevolkings ten opsigte van vangste en optrede verseker;
- (d) die inligting in subparagrafe (b) en (c) hierbo bedoel en die verslae van die Wetenskaplike Komitee ontleed, versprei en publiseer;
- (e) bewaringsbehoefte identifiseer en die doeltreffendheid van bewaringsmaatreëls ontleed;
- (f) bewaringsmaatreëls op die grondslag van die beste wetenskaplike gegewens beskikbaar formuleer, aanneem en hersien, behoudens die bepalinge van paragraaf 5 van hierdie Artikel;
- (g) die stelsel van waarneming en inspeksie ingevolge Artikel XXIV van hierdie Konvensie ingestel, implementeer;
- (h) sodanige ander bedrywighede uitvoer as wat nodig is om die oogmerk van hierdie Konvensie te bereik.

**2.** Die bewaringsmaatreëls in paragraaf 1 (f) hierbo bedoel, sluit die volgende in:

- (a) Die bepaling van die hoeveelheid van enige spesie wat in die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, geoes mag word;
- (b) die aanwysing van streke en substreke gebaseer op die verspreiding van bevolkings van Antarktiese mariene lewende hulpbronne;
- (c) die bepaling van die hoeveelhede wat van die bevolkings van streke en substreke geoes mag word;
- (d) die aanwysing van beskermde spesies;
- (e) die bepaling van die grootte, ouderdom en, waar toepaslik, geslag van spesies wat geoes mag word;
- (f) die aanwysing van oop en geslote seisoene vir oes;

- (g) die aanwysing van oop en geslote gebiede, streke of substreke vir doeleindes van wetenskaplike studie of bewaring, insluitende spesiale gebiede vir beskerming en wetenskaplike studie;
- (h) die regulering van die vlak en metode van oes, insluitende visvangapparaat, met die oog daarop om, onder andere, onbehoorlike konsentrasie van oesbedrywighede in enige streek of substreek te verhoed;
- (i) die doen van sodanige ander bewaringstappe as wat die Kommissie nodig ag vir die bereiking van die oogmerk van hierdie Konvensie, met inbegrip van maatreëls aangaande die uitwerking van oes- en verwante bedrywighede op komponente van die mariene ekosisteem bo en behalwe die geoeste bevolkings.

3. Die Kommissie moet 'n rekord van alle bewaringsmaatreëls wat van krag is, publiseer en byhou.

4. By die uitvoering van sy werksaamhede ingevolge paragraaf 1 hierbo moet die Kommissie ten volle rekening hou met die aanbevelings en advies van die Wetenskaplike Komitee.

5. Die Kommissie moet ten volle rekening hou met enige tersaaklike maatreëls of regulasies ingevolge Artikel IX van die Antarktiese Verdrag ingestel of aanbeveel deur die Oorlegplegende Vergaderings of deur bestaande visseryekommissies verantwoordelik vir spesies wat die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, kan binnegaan, sodat daar geen teenstrydigheid is tussen die regte en verpligtinge van 'n Kontrakterende Party ingevolge sodanige regulasies of maatreëls en die bewaringsmaatreëls deur die Kommissie aangeneem nie.

6. Bewaringsmaatreëls ooreenkomstig hierdie Konvensie deur die Kommissie aangeneem, word op die volgende manier deur Lede van die Kommissie geïmplementeer:

- (a) Die Kommissie stel alle Lede van die Kommissie van bewaringsmaatreëls in kennis;
- (b) bewaringsmaatreëls word 180 dae na sodanige kennisgewing vir alle Lede van die Kommissie bindend, behalwe soos in subparagrafe (c) en (d) hieronder bepaal;
- (c) as 'n Lid van die Kommissie die Kommissie binne 90 dae na die kennisgewing in subparagraaf (a) bedoel in kennis stel dat hy nie die bewaringsmaatreëls in sy geheel en gedeeltelik kan aanvaar nie, is die maatreeël in die mate wat genoem word, nie vir daardie Lid van die Kommissie bindend nie;
- (d) indien enige Lid van die Kommissie hom beroep op die prosedure uiteengesit in subparagraaf (c) hierbo, moet die Kommissie op versoek van enig Lid van die Kommissie vergader om die bewaringsmaatreëls in oënskou te neem. Ten tyde van so 'n vergadering en binne 30 dae na die vergadering het enige Lid van die Kommissie die reg om te verklaar dat hy nie meer die bewaringsmaatreël kan aanvaar nie, in welke geval die Lid nie meer deur sodanige maatreeël gebind sal wees nie.

## ARTIKEL X

1. Die Kommissie moet die aandag van enige Staat wat nie 'n Party by hierdie Konvensie is nie, vestig op enige bedrywigheid van daardie Staat se burgers of vaartuie wat, na die mening van die Kommissie, die implementering van die oogmerk van hierdie Konvensie beïnvloed.

2. Die Kommissie moet die aandag van alle Kontrakterende Partye vestig op enige bedrywigheid wat, na die mening van die Kommissie, die implementering deur 'n Kontrakterende Partye van die oogmerk van hierdie Konvensie of die nakoming deur daardie Kontrakterende Party van sy verpligtinge ingevolge hierdie Konvensie, raak.

## ARTIKEL XI

Die Kommissie moet poog om saam te werk met Kontrakterende Partye wat jurisdiksie uitoefen in mariene gebiede aangrensend aan die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, ten opsigte van die bewaring van die bevolking of bevolkings van enige verwante spesies wat sowel binne daardie gebiede as binne die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is, voorkom, met die doel om die bewaringsmaatreëls wat ten opsigte van sodanige bevolkings aangeneem word, te harmonieer.

## ARTIKEL XII

1. Besluite van die Kommissie oor wesenlike aangeleenthede moet op grond van konsensus geneem word. Die vraag of 'n aangeleentheid wesenlik is, word as 'n wesenlike aangeleentheid hanteer.

2. Besluite oor ander aangeleenthede as dié in paragraaf 1 hierbo bedoel, word geneem met 'n gewone meerderheid van die Lede van die Kommissie wat aanwesig is en stem.

3. By die oorweging deur die Kommissie van enige item wat 'n besluit vereis, moet dit duidelik gemaak word of 'n streekorganisasie vir ekonomiese integrasie aan die neem van die besluit sal deelneem en, indien wel, of enige van sy Lidstate ook sal deelneem. Die getal Kontrakterende partye wat aldus deelneem, mag nie die getal Lidstate van die streekorganisasie vir ekonomiese integrasie wat Lede van die Kommissie is, oorskry nie.

4. By die neem van besluite ingevolge hierdie artikel het 'n streekorganisasie vir ekonomiese integrasie slegs een stem.

## ARTIKEL XIII

1. Die hoofkwartier van die Kommissie is te Hobart, Tasmanië, Australië.

2. Die Kommissie moet 'n gereelde jaarvergadering hou. Ander vergaderings word ook gehou op versoek van een derde van die lede en soos andersins in hierdie Konvensie bepaal. Die eerste vergadering van die Kommissie word gehou binne drie maande na die inwerkingtreding van hierdie Konvensie, mits daar onder die Kontrakterende Partye minstens twee State is wat betrokke is by oesbedrywighede binne die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is. Die eerste vergadering word in ieder geval binne een jaar na die inwerkingtreding van hierdie Konvensie gehou. Die Depositaris pleeg met die ondertekende State oorleg aangaande die eerste Kommissievergadering, met inagneming van die feit dat breë verteenwoordiging van sodanige state nodig is vir die doeltreffende werking van die Kommissie.

3. Die Depositaris belê die eerste vergadering van die Kommissie by die hoofkwartier van die Kommissie. Daarna word vergaderings van die Kommissie by die hoofkwartier gehou, tensy hy anders besluit.

4. Die Kommissie kies uit eie geledere 'n Voorsitter en Ondervoorsitter, wat elk 'n ampstermyn van twee jaar het en vir een bykomende termyn herkiesbaar is. Die Voorsitter en Ondervoorsitter mag nie verteenwoordigers van dieselfde Kontrakterende Party wees nie.

5. Die Kommissie neem die prosedurereëls vir die hou van sy vergaderings aan en wysig dit soos nodig, behalwe ten opsigte van die aangeleenthede wat in Artikel XII van hierdie Konvensie behandel word.

6. Die Kommissie kan sodanige hulpliggame instel as wat nodig is vir die uitvoering van sy werksaamhede.

## ARTIKEL XIV

1. Die Kontrakterende Partye stel hierby die Wetenskaplike Komitee vir die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne in (hierna "die Komitee" genoem), wat 'n konsultatiewe liggaam vir die Kommissie is. Die Wetenskaplike Komitee vergader gewoonlik by die hoofkwartier van die Kommissie, tensy die Wetenskaplike Komitee anders besluit.

2. Elke lid van die Kommissie is 'n lid van die Wetenskaplike Komitee en moet 'n verteenwoordiger met geskikte wetenskaplike kwalifikasies aanstel, wat deur ander deskundiges en raadgevers bygestaan kan word.

3. Die Wetenskaplike Komitee kan die advies van ander wetenskaplikes en deskundiges aanvra, wanneer dit op 'n *ad-hoc*-grondslag nodig is.

## ARTIKEL XV

1. Die Wetenskaplike Komitee maak voorsiening vir 'n forum vir oorlegpleging en samewerking aangaande die insameling, besturing en uitruil van inligting ten opsigte van die mariene lewende hulpbronne waarop hierdie Konvensie van toepassing is. Die Komitee moet samewerking op die gebied van wetenskaplike navorsing aanmoedig en bevorder ten einde die kennis van die mariene lewende hulpbronne van die Antarktiese mariene ekosisteem uit te brei.

2. Die Wetenskaplike Komitee moet sodanige bedrywighede uitvoer as wat die Kommissie hom ooreenkomstig die oogmerk van hierdie Konvensie gelas en moet—

- (a) maatstawwe en metodes daarstel wat gebruik moet word by die aanwysings en bepalings aangaande die bewaringsmaatreëls bedoel in Artikel IX van hierdie Konvensie;
- (b) gereeld die status en tendense van die bevolkings van Antarktiese mariene lewende hulpbronne evalueer;
- (c) data aangaande die direkte en indirekte uitwerking van oes op die bevolkings van Antarktiese mariene lewende hulpbronne ontleed;
- (d) die uitwerking van voorgestelde veranderinge in die metodes of vlakke van oes en voorgestelde bewaringsmaatreëls evalueer;
- (e) evaluerings, ontledings, verslae en aanbevelings op versoek of uit eie beweging aan die Kommissie deurgee aangaande maatreëls en navorsing ter nastrewing van die oogmerk van hierdie Konvensie;
- (f) voorstelle vir die uitvoer van internasionale en nasionale navorsingsprogramme aangaande Antarktiese mariene lewende hulpbronne formuleer.

3. By die uitvoering van sy werksaamhede moet die Wetenskaplike Komitee die werk van ander relevante tegniese en wetenskaplike organisasies, en die wetenskaplike bedrywighede wat binne die raamwerk van die Antarktiese Verdrag uitgevoer word, in ag neem.

## ARTIKEL XVI

1. Die eerste vergadering van die Wetenskaplike Komitee word binne drie maande na die eerste vergadering van die Kommissie gehou. Die Wetenskaplike Komitee vergader daarna so dikwels as wat nodig is om sy werksaamhede te verrig.

2. Die Wetenskaplike Komitee neem sy prosedurereëls aan en wysig dit soos nodig. Die reëls en enige wysigings daarvan moet deur die Kommissie goedgekeur word. Die reëls moet deur die Kommissie goedgekeur word. Die reëls moet prosedures vir die voorlegging van minderheidsverslae insluit.

3. Die Wetenskaplike Komitee kan, met goedkeuring van die Kommissie, sodanige hulpliggame instel as wat nodig is vir die uitvoering van sy werksaamhede.

## ARTIKEL XVII

1. Die Kommissie stel 'n Uitvoerende Sekretaris aan om die Kommissie en Wetenskaplike Komitee volgens sodanige prosedures en op sodanige bedinge en voorwaardes as wat die Kommissie bepaal, te dien. Sy amptermyn is vier jaar en hy kom vir heraanstelling in aanmerking.
2. Die Kommissie magtig sodanige diensstaat vir die Sekretariaat as wat nodig is en die Uitvoerende Sekretaris moet sodanige personeel ooreenkomstig sodanige reëls en prosedures en op sodanige bedinge en voorwaardes as wat die Kommissie bepaal, aanstel en bestuur en oor hulle toestig hou.
3. Die Uitvoerende Sekretaris en Sekretariaat verrig die werksaamhede deur die Kommissie aan hulle opgedra.

## ARTIKEL XVIII

1. Die amptelike tale van die Kommissie en van die Wetenskaplike Komitee is Engels, Frans, Russies en Spaans.

## ARTIKEL XIX

1. Op elke jaarvergadering aanvaar die Kommissie volgens konsensus sy begroting en die begroting van die Wetenskaplike Komitee.
2. 'n Konsepbegroting vir die Kommissie en Wetenskaplike Komitee en vir enige hulpliggame moet minstens 60 dae voor die jaarvergadering van die Kommissie deur die Uitvoerende Sekretaris opgestel en aan die Lede van die Kommissie voorgelê word.
3. Elke Lid van die Kommissie dra tot die begroting by. Tot die verstryking van vyf jaar na die inwerkingtreding van hierdie Konvensie is die bydrae van elke Lid van die Kommissie gelyk. Daarna word die bydrae bepaal ooreenkomstig twee maatstawwe; die hoeveelheid wat geoes word en 'n gelyke verdeling onder alle Lede van die Kommissie. Die Kommissie bepaal volgens konsensus die verhouding waarin hierdie twee maatstawwe van toepassing is.
4. Die finansiële bedrywighede van die Kommissie en Wetenskaplike Komitee geskied ooreenkomstig finansiële regulasies deur die Kommissie aanvaar en is onderworpe aan 'n jaarlikse oudit deur eksterne ouditeurs deur die Kommissie geselekteer.
5. Elke Lid van die Kommissie dra sy eie koste met betrekking tot die bywoning van vergaderings van die Kommissie en van die Wetenskaplike Komitee.
6. 'n Lid van die Kommissie wat twee opeenvolgende jare versuim om sy bydraes te betaal, het gedurende die tydperk van sy versuim nie die reg om aan die neem van besluite van die Kommissie deel te neem nie.

## ARTIKEL XX

1. Die Lede van die Kommissie moet, in die grootste mate moontlik, jaarliks aan die Kommissie en aan die Wetenskaplike Komitee sodanige statistiese, biologiese en ander data en inligting verskaf as wat die Kommissie en Wetenskaplike Komitee in die uitvoering van hulle werksaamhede verlang.
2. Die Lede van die Kommissie moet, op die manier en met sodanige tussenpose as wat voorgeskryf word, inligting oor hulle oesbedrywighede, insluitende visvanggebiede en vaartuie, verskaf ten einde dit moontlik te maak om betroubare vangs- en optredestatistieke op te stel.
3. Die Lede van die Kommissie moet met sodanige tussenpose as wat voorgeskryf word, aan die Kommissie inligting verskaf oor stappe gedoen om die bewaringsmaatreëls wat deur die Kommissie aanvaar is, te implementeer.
4. Die Lede van die Kommissie kom ooreen dat hulle in hulle oesbedrywighede die geleentheid sal gebruik om data in te samel wat nodig is om die impak van die oes te evalueer.

## **ARTIKEL XXI**

1. Elke Kontrakterende Party tref gepaste maatreëls binne sy bevoegdheid ten einde nakoming te verseker van die bepalings van hierdie Konvensie en van bewaringsmaatreëls wat deur die Kommissie aanvaar is, waartoe die Partye ooreenkomstig Artikel IX van hierdie Konvensie verbind is.

2. Elke Kontrakterende Party moet aan die Kommissie inligting verstrek aangaande maatreëls getref ingevolge paragraaf 1 hierbo, met inbegrip van die instelling van sanksies vir enige oortreding.

## **ARTIKEL XXII**

1. Elke Kontrakterende Party onderneem om, in ooreenstemming met die Handves van die Verenigde Nasies, toepaslike pogings aan te wend om toe te sien dat niemand enige bedrywighede wat met die beginsels van hierdie Konvensie strydig is, onderneem nie.

2. Elke Kontrakterende Party mot die Kommissie in kennis stel van enige sodanige bedrywigheid waarvan hy bewus word.

## **ARTIKEL XXIII**

1. Die Kommissie en die Wetenskaplike Komitee moet met die Oorlegplegende Partye by die Antarktiese Verdrag saamwerk oor aangeleenthede wat binne die bevoegdheid van laasgenoemde val.

2. Die Kommissie en die Wetenskaplike Komitee moet, soos toepaslike, met die Voedsel- en Landbou-organisasie van die Verenigde Nasies en met ander Gespesialiseerde Agentskappe saamwerk.

3. Die Kommissie en die Wetenskaplike Komitee moet poog om, soos gepas, koöperatiewe verhoudinge te ontwikkel met tussenregerings- en nie-regeringsorganisasies wat tot hulle werk kan bydra, insluitende die Wetenskaplike Komitee vir Antarktiese Navorsing, die Wetenskaplike Komitee vir Oseaannavorsing en die Internasionale Walvisjagkommissie.

4. Die Kommissie kan ooreenkomste sluit met die organisasies in hierdie Artikel genoem, en met sodanige ander organisasies as wat gepas is. Die Kommissie en die Wetenskaplike Komitee kan sodanige organisasies nooi om waarnemers na hulle vergaderings en na vergaderings van hulle hulpliggame te stuur.

## **ARTIKEL XXIV**

1. Ten einde die oogmerk van hierdie Konvensie te bevorder en nakoming van die bepalings van hierdie Konvensie te verseker, kom die Kontrakterende Partye ooreen dat 'n stelsel van waarneming en inspeksie ingestel word.

2. Die stelsel van waarneming en inspeksie word deur die Kommissie uitgewerk op die grondslag van die volgende beginsels:

(a) Kontrakterende Partye werk met mekaar saam ten einde die doeltreffende implementering van die stelsel van waarneming en inspeksie te verseker, met inagneming van die bestaande; internasionale praktyk. hierdie stelsel sluit onder andere in prosedures vir aanboordgaan en inspeksie deur waarnemers en inspekteurs aangewys deur die Lede van die Kommissie en prosedures vir vlagstaatvervolging en sanksies op die grondslag van getuienis wat spruit uit sodanige aanboordgaan en inspeksies. 'n Verslag van sodanige vervolgings en sanksies wat ingestel is, moet ingesluit word by die inligting bedoel in Artikel XXI van hierdie Konvensie.

(b) Ten einde nakoming te verifieer van maatreëls ingevolge hierdie Konvensie aangeneem moet waarnemers en inspekteurs wat deur die Lede van die Kommissie aangewys is en wat werk ingevolge bedinge en voorwaardes wat deur die Kommissie bepaal word, waarneming en inspeksie doen aan boord van vaartuie betrokke by wetenskaplike navorsing of by die oes van mariene lewende hulpbronne in die gebied waarop hierdie Konvensie van toepassing is.

- (c) Aangewese waarnemers en inspekteurs bly onderworpe aan die jurisdiksie van die Kontrakterende party waarvan hulle burgers is. Hulle doen verslag aan die Lid van die Kommissie deur wie hulle aangewys is, wat op sy beurt aan die Kommissie verslag doen.

3. Hangende die instelling van die stelsel van waarneming en inspeksie moe die Lede van die Kommissie poog om tussentydse relings te tref om waarnemers en inspekteurs aan te wys, en sodanige aangewese waarnemers en inspekteurs is daarop geregtig om ooreenkomstig die beginsels in paragraaf 2 hierbo uiteengesit, inspeksies te doen.

## ARTIKEL XXV

1. Indien 'n geskil tussen twee of meer Kontrakterende Partye betreffende die vertolking of toepassing van hierdie Konvensie ontstaan, pleeg die Kontrakterende Partye met mekaar oorleg ten einde die geskil op te los deur middel van onderhandeling, ondersoek, bemiddeling, versoening, arbitrasie, geregtelike beslegting of enige ander vreedsame wyse van hulle eie keuse.

2. Enige geskil van hierdie aard wat nie aldus opgelos word nie, word met die toestemming, in elke geval, van al die Partye wat by die geskil betrokke is, vir beslegting na die Internasionale Geregshof of na arbitrasie verwys; maar indien die Partye by die geskil nie deur middel van verwysing na die Internasionale Geregshof of na arbitrasie ooreenstemming kan bereik nie, is hulle nie daardeur onthef van die verantwoordelikheid om voort te gaan om die geskil te probeer oplos op enigeen van die vreedsame maniere in paragraaf 1 hierbo genoem nie.

3. In gevalle waar die geskil na arbitrasie verwys word, word die arbitrasietribunaal saamgestel soos bepaal in die Aanhangsel by hierdie Konvensie.

## ARTIKEL XXVI

1. Hierdie Konvensie is vanaf 1 Augustus tot 31 Desember 1980 te Canberra oop vir ondertekening deur die State wat deelneem aan die Konferensie oor die Bewaring van Antarktiese Mariene Lewende Hulpbronne gehou van 7 tot 20 Mei 1980 te Canberra.

2. Die State wat aldus onderteken, is die oorspronklike ondertekenende State van die Konvensie.

## ARTIKEL XXVII

1. Hierdie Konvensie is onderworpe aan bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring deur ondertekenende State.

2. Oorkondes van bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring moet in bewaring gegee word by die Regering van Australië, hierby aangewys as die Depositaris.

## ARTIKEL XXVIII

1. Hierdie Konvensie tree in werking op die dertigste dag na die datum van indiening van die agtste bekragtigings-, aanvaardings- of goedkeuringsoorkonde van die state bedoel in paragraaf 1 van Artikel XXVI van hierdie Konvensie.

2. Ten opsigte van elke staat of streekorganisasie vir ekonomiese integrasie wat na die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie 'n oorkonde van bekragtiging, aanvaarding, goedkeuring of toetrede indien, tree die Konvensie in werking op die dertigste dag na sodanige indiening.

## ARTIKEL XXIX

1. Hierdie Konvensie is oop vir toetrede deur enige Staat wat belangstel in navorsings- of oesbedrywighede ten opsigte van die mariene lewende hulpbronne waarop hierdie Konvensie van toepassing is.

2. Hierdie Konvensie is oop vir toetrede deur streekorganisasies vir ekonomiese integrasie opgerig deur soewereine State in wie se geledere een of meer Staatlede van die Kommissie is en aan wie die Staatlede van die organisasie in die geheel of gedeeltelik bevoegdhede oorgedra het wat verband hou met die aangeleenthede wat deur hierdie Konvensie gedek word. Die toetrede van sodanige streekorganisasies vir ekonomiese integrasie is die onderwerp van oorlegpleging tussen Lede van die Kommissie onderling.

**ARTIKEL XXX**

1. Hierdie Konvensie kan te eniger tyd gewysig word.
2. Indien een derde van die Lede van die Kommissie 'n vergadering aanvra om 'n voorgestelde wysiging te bespreek, moet die Depositaris so 'n vergadering belê.
3. Enige wysiging tree in werking wanneer die Depositaris oorkondes van bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring daarvan van al die lede van die Kommissie ontvang het.
4. Sodanige wysiging tree daarna in werking met betrekking tot enige ander Kontrakterende Party wanneer kennis van bekragtiging, aanvaarding of goedkeuring deur daardie Party deur die Depositaris ontvang is. Enige Kontrakterende Party van wie geen sodanige kennis binne 'n tydperk van een jaar na die datum van inwerkingtreding van die wysiging ingevolge paragraaf 3 hierbo ontvang is nie, word geag hom aan hierdie Konvensie te onttrek het.

**ARTIKEL XXXI**

1. Enige Kontrakterende Party kan hom op 30 Junie van enige jaar aan hierdie Konvensie onttrek deur nie later nie as 1 Januarie van dieselfde jaar skriftelike kennis te gee aan die Depositaris, wat, by ontvangs van sodanige kennis, die ander Kontrakterende Partye onverwyld daarvan in kennis stel.
2. Enige ander Kontrakterende Party kan, binne sestig dae na die ontvangs van 'n afskrif van sodanige kennis vanaf die Depositaris, skriftelike kennis van onttrekking aan die Depositaris gee, in welke geval die Konvensie op 30 Junie van dieselfde jaar nie meer van krag sal wees nie ten opsigte van die Kontrakterende Party wat sodanige kennis gegee het.
3. Onttrekking aan hierdie Konvensie deur enige Lid van die Kommissie beïnvloed nie sy finansiële verpligtinge ingevolge hierdie Konvensie nie.

**ARTIKEL XXXII**

Die Depositaris stel alle Kontrakterende Partye van die volgende in kennis:

- (a) Ondertekeninge van hierdie Konvensie en die indiening van bekragtigings-, aanvaardings-, goedkeurings- of toetredingsoorkondes;
- (b) die datum van inwerkingtreding van hierdie Konvensie en enige wysiging daarvan.

**ARTIKEL XXXIII**

1. Hierdie Konvensie, waarvan die Engelse, Franse, Russiese en Spaanse tekste ewe outentiek is, word ingedien by die Regering van Australië, wat behoorlik gesertifiseerde afskrifte daarvan aan alle ondertekenende en toetredende Partye moet verskaf.
2. Hierdie Konvensie moet ingevolge Artikel 102 van die Handves van die Verenigde Nasies by die Depositaris geregistreer word.

Opgestel te Canberra op hede die twintigste dag van Mei 1980.

Ten bewyse waarvan die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, hierdie Konvensie onderteken het.

**AANHANGSEL VIR 'N ARBITRASIETRIBUNAAL**

Die arbitrasietribunaal in paragraaf 3 van Artikel XXV genoem, bestaan uit drie arbiters, wat soos volg aangestel word:

Die Party wat die stappe instel, moet die naam van 'n arbiter bekend maak aan die ander Party, wat, op sy beurt, binne 'n tydperk van 40 dae na sodanige kennisgewing die naam van die tweede arbiter bekend moet maak. Die Partye moet, binne 'n tydperk van 60 dae na die aanstelling van die tweede arbiter, die derde arbiter aanstel, wat nie 'n burger van een van die twee Partye mag wees nie en nie van dieselfde nasionaliteit as engeen van die eerste twee arbiters mag wees nie. Die derde arbiter is voorsitter van die tribunaal.

Indien die tweede arbiter nie binne die voorgeskrewe tydperk aangestel is nie, of indien die Partye nie binne die voorgeskrewe tydperk oor die aanstelling van die derde arbiter ooreengekom het nie, word daardie arbiter, op versoek van enigeen van die twee Partye, deur die Sekretaris-generaal van die Permanente Arbitrasiehof aangestel uit die geledere van persone van internasionale reputasie wat nie die nasionaliteit het van 'n staat wat 'n Party by hierdie Konvensie is nie.


Die arbitrasietribunaal besluit waar sy hoofkwartier geleë is en neem sy eie prosedurereëls aan.

Die toekenning van die arbitrasietribunaal word gemaak deur 'n meerderheid van sy lede, wat nie buite stemming mag bly nie.

Enige Kontrakterende Party wat nie 'n Party in die geskil is nie, mag met die toestemming van die arbitrasietribunaal in die verrigtinge tussenbei kom.


Die toekenning van die arbitrasietribunaal is finaal en bindend vir alle Partye in die geskil en vir enige Party wat in die verrigtinge tussenbei tree, en daar moet sonder versuim aan die toekenning gehoor gegee word. Die arbitrasietribunaal vertolk die toekenning op versoek van een van die Partye in die geskil of van enige tussenbeitredende Party.

Tensy die arbitrasietribunaal as gevolg van die besondere omstandighede van die geval anders bepaal, word die koste van die tribunaal, insluitende die vergoeding van sy lede, in gelyke dele deur die Partye in die geskil gedra.





# RECYCLE HERGEBRUIK



Department of Environmental Affairs  
Departement van Omgewingsake



## Save a drop — and save a million

**W**ater conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!



## Spaar 'n druppel — en vul die dam

**I**ndien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad

**CONTENTS****INHOUD**

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
<b>GOVERNMENT NOTICE</b>			<b>GOEWERMENSKENNISGEWING</b>		
<b>Environmental Affairs and Tourism, Department of</b>			<b>Omgewingsake en Toerisme, Departement van</b>		
<i>Government Notice</i>			<i>Goewermentskennisgewing</i>		
R. 1999 Antarctic Treaties Act (60/1996): Publication of texts of treaties.....	1	17655	R. 1999 Wet op Antarktiese Verdrae (60/1996): Publikasie van tekste van verdrae .....	58	17655